Increases in the prices of other items in the food price index, such as vegetables, milk, milk products and grain products, usually also accelerate during periods of drought. The combined weight of these products in the food price index is 38 per cent, while their weight in the consumer price index is 7,1 per cent.

Although erratic weather conditions have an important influence on the supply, and consequently also on the prices of food products, regulatory practices aimed at dampening excessive price volatility often have precisely the opposite effect when abrupt price changes are required to correct

market imbalances. Graph 6 nevertheless illustrates that the rate of increase in the production prices of agricultural products is inversely correlated with changes in the volume of agricultural production and that these prices usually tend to increase faster when supply is slow or declining.

The changes in the consumer price index of food followed the trend in the changes in the production prices of agricultural products with a relatively short lag during the 1970s and early 1980s. The sharp increases in the production prices of agricultural products during the droughts of 1972 and, to a lesser extent 1982, are accordingly reflected in the rate of increase in the consumer price of food. From 1985 the rate of increase in the consumer price index of food was consistently higher than that of the increase in the production prices of agricultural products.

It can therefore be expected that the current drought will put upward pressure on the prices of a wide variety of agricultural products, which will in due course become visible in an increase in the consumer price index. The simulation results indicate that consumer price inflation in 1992 could be approximately 0,8 percentage points higher than what it would have been during a normal rainfall year.

Employment

Available statistics indicate that the agricultural sector generated employment for approximately 1,2 million people in 1988, or 12 per cent of the economically active population. If their dependants are taken into consideration, the agricultural sector provides a livelihood to some 6 million people, which represents roughly 20 per cent of the South

African population, excluding the population of the TBVC countries⁷.

Agricultural activities are the single most important income generator in most rural districts and a large portion of the rural population is directly dependent on agricultural production. The drought therefore does not only affect the farmers; many business enterprises in rural districts are faced with bankruptcy as a result of the diminished purchasing power of the farming community.

It appears as if employment in the agricultural sector remains relatively stable during drought periods. This can be attributed to the fact that attempts are made to keep permanent employees on the farms and that farmers usually receive aid from the government to support them during these periods. The employment of seasonal or contractual workers on farms is, however, heavily influenced by drought situations and this category of labourers will normally be the first to become redundant. In contrast to this normal pattern, the latest employment figures indicate that farmers are also reducing their permanent labour force, thereby seriously aggravating existing urbanisation and social problems.

The so-called employment coefficient can be applied as a measure for determining the potential employment of the agricultural sector. This coefficient is determined as the number of persons employed in the agricultural sector for every R1 million worth of output that is produced, and therefore provides a method to estimate the approximate number of employment opportunities that could be lost when production decreases.

The employment coefficient was used to determine the effect of a 4 per cent decline in nominal agricultural production on employment numbers in the agricultural sector in 1992⁸. The estimated value added by the agricultural sector was used as a criterion for production and it was assumed that the employment level remained unchanged from 1988 to 1991. The calculated employment coefficient of 98,2 implies that the agricultural sector may shed 98 job opportunities for every R1 million decrease in the value of agricultural production. Based on these assumptions, the current drought can cause an approximate loss of 49 000 job opportunities in the agricultural sector during 1992. If these farm labourers' dependants are also taken into consideration, 245 000 people in the agricultural sector will be forced to find another livelihood, unless special assistance is made available in the

form of transfer payments to enable farmers and their workers to stay on the land.

As a result of its strong linkages with other sectors, the employment effects of the drought will not be restricted to the agricultural sector. The simulation results indicate that approximately 20 000 jobs will also be lost in other sectors. These results are applicable only to the formal economy and it can be assumed that the informal sector will have to absorb a sizeable number of the unemployed.

Financial implications for farmers and the Government

The drought increases the financial liabilities of the agricultural community and that of the government and associated business enterprises. During the years from 1971 to 1991 the debt burden of the agricultural community increased at an average annual rate of 13 per cent from an initial R1,46 billion to R16,72 billion. Financial liquidity in the agricultural sector deteriorates as a result of the farmers' weaker solvability and a shift in their debt structure from predominantly long-term debt to short-term debt. The ratio of agriculture's total debt to total assets (i.e. the debt ratio in agriculture) averaged approximately 13 per cent during the 1970s, but it rose considerably from 1980. During the drought of 1982 and 1983 the debt ratio moved higher to a level of 20,4 per cent in 1983, but since then it has increased further to a level of 23,9 per cent in 1991. It is expected that as a result of the current drought this debt ratio will continue to increase sharply in 1992.

The operating costs of farmers increased at an average rate of 16 per cent per year during the period 1971 to 1991. This is significantly higher than the average annual increase of 14,2 per cent in their gross revenues over the same period. In periods of drought the cash flow⁹ of farmers is weakened further by reduced farm revenues, whereas operating costs remain high. The cash flow decreased by 13,4 per cent during the drought of 1982 and by a further 40,9 per cent in 1983. The agricultural sector's cash flow has weakened again over the past two years and the current drought is expected to exert even greater pressure on cash flows. This anticipated cash flow deterioration is one of the problems that the agricultural sector will have to address to improve the operational efficiency in the industry. The financial situation of the agricultural sector is further aggravated by the relative high nominal interest rates - forced on South Africa by the relative high level of interest rates in other countries, relative

⁷ *South African Labour Statistics*, Central Statistical Service, 1991.

⁸ This figure represents a decline of 14 per cent in the real value added by the agricultural sector and a 12 per cent increase in the value-added deflator of the agricultural sector.

⁹ Calculated as gross income less purchases of intermediate goods and services, remuneration of employees, interest payments and rent payments.

low savings level in South Africa, large outflows of capital to the rest of the world in the past decade and the relatively high level of inflation in the country.

The critical financial position of farmers was emphasised in a press release by the Minister of Agriculture on 9 April 1992. The Minister stated that about 4 265 farmers will not be eligible for further credit from co-operatives because of their existing indebtedness and additional debt incurred during the recent planting season. It is estimated that at least R2 billion is required for the planting of the next summer crops.

Many contingency plans have been initiated by the government in co-operation with the Land Bank, agricultural co-operatives and commercial banks and it is clear that heavy demands will be made on these institutions and on every taxpayer in the years to come. On 7 May 1992 the Minister of Agriculture announced the introduction of the most extensive relief action in South Africa's agricultural history. A total amount of R2 826 million is to be allocated to farmers for financial assistance over the next three tax years. This amount is provided in addition to the R355 million for financial aid and the R1 000 million for the Emergency Drought Fund allocated in the Central Government's budget for 1992/93. The aid package consists of an initial input subsidy of R375 per hectare for crop farmers by the 33 co-operatives in the emergency drought areas and a variety of other measures to assist farmers and the industry. Among the relief schemes are the subsidisation of certain interest costs, a rebate on the transportation of livestock feed, and aid to wool and mohair farmers.

The decline in farm revenues will necessarily result directly in lower government tax revenues. Government revenue will also be affected indirectly by the lower profits of business enterprises related to the agricultural sector.

The lower revenue and higher expenditure will result in an increase in the deficit before borrowing. If the 1992/93 Budget did not have to provide for R1 000 million aid to the agricultural community, the increase in real government expenditure would have been a mere 1,1 per cent instead of the budgeted 2,1 per cent. The budget deficit before borrowing of almost R16 billion, or 4,5 per cent of the gross domestic product, would have been R15 billion or equal to 4,3 per cent of the gross domestic product.

Conclusion

The extent of the drought is obviously far more severe than originally estimated and will be especially harmful to the producers of summer crops. Although the agricultural sector's contribution to the gross domestic product has declined continually

since the 1960s, it nevertheless still plays a very important role in South Africa's national economy, especially because of its interdependence with the other sectors.

The results obtained with the macro-econometric model of the Reserve Bank indicate that the growth in the real gross domestic product may be as much as 1,8 percentage points lower as a result of the drought. It is further estimated that without any special financial assistance, as many as 69 000 job opportunities may become redundant as a consequence of the drought.

The simulation results also indicate that the average inflation rate could be approximately 0,8 percentage points higher as a result of the lower agricultural production. Although most food prices will probably increase at a faster rate because of the restricted supply of agricultural products, meat prices usually tend to rise at a slower rate and may even decline during periods of drought. Meat prices may, however, start affecting consumer prices at a later stage when grazing conditions improve again.

The current account of the balance of payments will be directly affected by a rise in imports and a decline in exports. The direct negative effect of R2,1 billion on the current account balance as a result of the lower maize crop could be partly neutralised by a decline in imports because of the lower level of economic activity. This, together with the lower exports of agricultural products, could result in a net negative effect of approximately R1 200 million on the current account of the balance of payments, which could be further affected by the adverse effect of the drought on agricultural products other than maize.

The drought will not only tighten the overall financial position of farmers, but also that of the government and other business enterprises associated with the farming industry. The Minister of Agriculture has already granted additional financial aid for the next three years. This demonstrates the fact that the drought not only has a once-off impact on the economy, but that its effect will still be felt in forthcoming years.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Inleiding

Die reële ekonomiese bedrywigheid en reële produksie in Suid-Afrika het nou reeds vir meer as drie jaar gedaal en die huidige afwaartse beweging van die konjunktuur kan binnekort die langste konjunktorele afwaartse fase in die na-oorlogse periode wees. Die konjunktorele afgang in die ekonomiese bedrywigheid was aanvanklik taamlik matig en tot enkele sektore beperk. Gedurende 1991 het die koers van afname egter versnel en wyer uitgekring; dit het daarna in die eerste kwartaal van 1992 aansienlik verdiep. Hierdie toename in die felheid van die huidige afwaartse beweging is verskerp deur die ernstige droogte in sekere dele van die land, die onsekerheid oor die uitslag van politieke onderhandelinge en die oproerigheid in swart woongebiede.

Die verdieping van die resessie in Suid-Afrika kon in die eerste kwartaal van 1992 duidelik waargeneem word in 'n afname van bykans 2 persent (teen 'n jaarkoers) in die reële bruto binnelandse produk. Afnames in die reële produksie is in die meeste belangrike sektore aangeteken, soos die landbou, die mynbou uitgesonderd goud, die fabriekswese, die konstruksiebedryf en die handel; hierdie afnames is in 'n mate deur matige stygings in die toegevoegde waarde van veral die tersiêre sektore versag. Boonop het die reële produksie van die goudmynbedryf aanmerklik verder gestyg as gevolg van die verwerking van erts met 'n betreklik hoë goudinhoud.

Die binnelandse produksie het in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem, ondanks 'n sterker binnelandse vraag in die vorm van 'n toename in voorrade en 'n verdere styging in die reële verbruiksbesteding deur die regering. Die oënskynlik onbeplande opbouing van nywerheids- en handelsvoorrade is waarskynlik aangemoedig deur verwagtings van 'n toename in die ekonomiese bedrywigheid en die vooruitkoop van ingevoerde goedere in afwagting van 'n depresiasie van die rand. Die styging in die reële binnelandse besteding het derhalwe hoofsaaklik in 'n toename in die fisiese omvang van die invoer tot uiting gekom. In teenstelling met hierdie ontwikkelinge, het die reële besteding deur huishoudings aan verbruikersgoedere en -dienste selfs nog vinniger gedaal as gedurende 1991 en het die reële bruto binnelandse vaste investering in die eerste kwartaal van 1992 verder afgeneem.

Die verhouding van die bruto binnelandse bespa-

ring tot die bruto binnelandse produk het in die eerste kwartaal van 1992 ook verder verswak, hoofsaaklik as gevolg van die buitensporige groot ontsparing deur die algemene owerheid. Die netto besparing deur die maatskappysektor het ook effens verswak, maar die persoonlike besparingsverhouding het steeds bly verbeter ondanks 'n afname in die reële persoonlike beskikbare inkomme. Hierdie toename in die persoonlike besparing het heel waarskynlik verband gehou met 'n vermindering in persoonlike skuld om die groot renteverplichtings te vermy en die afname in werksekerheid as gevolg van voortgesette afdankings.

Ten spyte van die toename in die aantal werklose of onderindiensgeneemde persone in die land, het die koers van toename in nominale salarisse en lone per werker slegs matig gedaal. Die voortdurende onrealistiese hoë loonskikkings kan hoofsaaklik aan die toenemende sentralisering van die loononderhandelingsproses in Suid-Afrika toegeskryf word. Vakbonde is meer besorg oor algemene maatskaplike en politieke aangeleenthede wat nie altyd met die werk verband hou nie en wat dikwels die maksimalisering van korttermynvoordele vir hulle lede ten doel het, maar wat die langtermyngevolge van sulke optrede op werkverskaffing en werkloosheid nie in aanmerking neem nie.

Hierdie hoë arbeidskoste het 'n merkbare bydrae gemaak tot die onaanvaarbaar hoë inflasiekoerse wat gedurende die afgelope paar jaar in die land ondervind is. Die besliste afwaartse neiging in die produksieprysinflasie wat gedurende 1991 waarneembaar geword het, is in die eerste drie maande van 1992 voortgesit. Hoewel die koers van toename in die verbruikersprysindeks gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande hardnekkig hoog gebly het, het die koers van toename van jaar tot jaar in hierdie indeks skerp afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 18,8 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 12,8 persent in die eerste kwartaal van 1992 — die laagste koers van toename sedert die tweede kwartaal van 1988.

Die groter fisiese omvang van die goedere-invoer en 'n skerp afname in die waarde van die netto uitvoer van goud was verantwoordelik vir 'n aansienlike afname in die oorskot op die lopende rekening (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) van die betalingsbalans van R12,3 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R4,5 miljard in die eerste kwartaal van 1992. Verdere dog matige toenames in die fisiese omvang van die goedere-uitvoer is aangeteken, hoewel die uitvoer van vervaardigde goedere goed bly presteer het.

Nadat 'n baie groot netto uitvloeiing van kapitaal wat nie aan reserwes verwant is nie van R4,7 miljard in die vierde kwartaal van 1991 aangeteken is (hoofsaaklik as gevolg van die afskaffing van die voorkeurkoerse op termynvalutatransaksies in September 1991) het die netto uitvloeiing tot 'n geringe bedrag van R21 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 teruggesak. Soos verwag kon word, het hierdie drastiese verbetering in die kapitaalrekening hoofsaaklik in die korttermynkapitaalbewegings voorgekom, wat van 'n aansienlike netto uitvloeiing in die vierde kwartaal van 1991 tot 'n klein invloeiing in die eerste kwartaal van 1992 verander het. Slegs 'n klein netto uitvloeiing van langtermynkapitaal is aangeteken omdat groot leningsuitgifte in die Europese kapitaalmark onderneem is wat min of meer aflossings op lenings wat verval het, uitgeskakel het.

Die verbetering van die algehele posisie op die betalingsbalans het 'n skerp toename in die netto en bruto goud- en ander buitelandse reserwes veroorsaak en aan die einde van Maart 1992 het die totale bruto buitelandse reserwes die waarde van twee maande se invoer van goedere en dienste oorskry. Die styging in die buitelandse reserwes het dit moontlik gemaak om 'n betreklik stabiele reële effektiewe wisselkoers van die rand te handhaaf. Hierdie indeks van die rand se waarde het van Desember 1991 tot Maart 1992 met slegs 0,4 persent gedaal.

Die verdieping van die konjunktorele afwaartse fase, asook 'n volgehoue beperkende ingesteldheid van die monetêre beleid en die disintermediaasiepraktyke vanweë die groter marges tussen die uitleen- en depositokoerse van die depositonemende instellings, was vir 'n voortgesette stadige groei in die omvattende geldvoorraad verantwoordelik. Die disintermediaasie van finansiële transaksies het op hul beurt veroorsaak dat die inkome-omloopsnelheid van geld ietwat toegeneem het.

Die onderliggende groei in die kredietverlening deur monetêre instellings het in die eerste kwartaal van 1992 betreklik laag gebly as gevolg van die neerdrukkende ekonomiese toestande en die uitwerking van die positiewe reële rentekoerse. Die gemeenskap was minder gewillig om van bykomende krediet gebruik te maak om die aankoop van duursame goedere te finansier, terwyl sakeondernemings hulle bedryfskoste soveel as moontlik ingekort het. In die uitoefening van aktiewe kredietrisikobeheer was die monetêre instellings ook minder geneë om verdere krediet aan sekere kliënte te verleen. Die groei in huurkoopkrediet en oortrekkingsfasiliteite het veral in die eerste kwartaal van 1992 verder teruggesak, maar verbandvoorskotte en bruikhuurfinansiering het lewendig gebly.

Geldmarktoestande wat sedert die laaste maande van 1990 reeds opmerklik verruim het, het in die

eerste vyf maande van 1992 baie likwied geword as gevolg van die verbetering in die algehele posisie op die betalingsbalans, 'n skerp styging in staatsbesteding, 'n seisoenale afname in note in omloop en 'n lae vraag na bankkrediet. Die optrede van die Reserwebank om die surplus likwiditeit teen te werk het hoofsaaklik uit intervensie-ruiltransaksies in buitelandse valuta met belangrike bankinstellings en die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd bestaan. Taamlike groot hoeveelhede van staatseffekte is ook in April en Mei 1992 verkoop om fondse vir die finansiering van die geprojekteerde tekort voor lenings op die Begroting vir 1992/93 te verkry. Die Bank het ook met die uitreiking van skatkiswissels met looptye van ses en nege maande begin. Op 5 Junie 1992 het die President van die Reserwebank aangekondig dat die likwiditeit in die mark verder geakkommodeer sou word deur die uitreiking van Reserwebankwissels met 'n looptyd van nege maande, 'n verdubbeling van die waarde van die buitelandse reserwes wat deur gemagtigde handelaars in die buiteland gehou mag word en die instelling van 'n bykomende kontantreserwevereiste van 1 persent op die korttermynverplichtinge van depositonemende instellings. Die President het verder vermeld dat bykomende verkope van staatseffekte sal plaasvind bo en behalwe die bedrag van die leningsbehoefte wat in die Begroting aangedui is indien omstandighede dit noodsaak.

Die geleidelike afwaartse beweging van geldmarkkoerse het opmerklik stukrag in die eerste vyf maande van 1992 verkry en op 31 Mei 1992 was die koers op bankaksepte van drie maande 2,50 persentasiepunte laer as die Reserwebank se verdiskonteringskoers vir hierdie soort aksepte. Die opbrengs op staatseffekte wat in die laaste kwartaal van 1991 begin afneem het, het ook in die eerste vyf maande van 1992 verder teruggesak. Om hulle winsgrense te beskerm en met die oog op die lae vraag na bankkrediet, het die depositonemende instellings hulle depositokoerse aansienlik verlaag. Die marge tussen die koers op deposito's van twaalf maande en die heersende primakoers op oortrekkings van die verrekeningsbanke het dienoooreenkomstig vergroot van 3 persentasiepunte in Julie 1990 tot 4,75 persentasiepunte in April 1992.

Wat die staatsfinansies betref, is die finale stand van die Sentrale Regering se finansies vir die fiskale jaar 1991/92 gekenmerk deur 'n onderskatting van skatkisuitreikings aan staatsdepartemente en 'n oorskatting van staatsinkome. Dit het gelei tot 'n tekort voor lenings en skuldaflossings van 4,7 persent van die bruto binnelandse produk, wat 'n meer uitbreidende ingesteldheid teenoor fiskale beleid verteenwoordig het as wat aanvanklik in die Sentrale Regering se Begroting in Maart 1991 voorsien is. Die Sentrale Regering het in sy Begroting van Maart 1992 aangedui dat 'n taamlik uitbreidende beleid voort-

gesit sou word.

Die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse ekonomie op kort termyn bly egter taamlik donker. Tot aan die einde van 1991 en selfs aan die begin van 1992 het die meeste voorspellers van die ekonomie 'n matige opgang in die ekonomiese bedrywigheid voorsien met beskeie, maar nietemin positiewe, groei in die bruto binnelandse produk vir 1992. In die eerste paar maande van 1992 het dit duidelik geword dat die droogte rampafmetings aanneem en dat dit selfs die produksie van die wintergewasse kon beïnvloed. Die misoeste sal tot 'n skerp afname in die reële inkome van die landbou lei, wat op sy beurt weer die reële inkome van die ander sektore sal beïnvloed. Voortgesette geweld in die swart woongebiede en die onsekerhede oor politieke onderhandelinge kan ook aanleiding gee tot die uitstel van investering en verbruikersbesteding. Verder wil dit voorkom asof die groei in die wêreld ekonomie teen 'n stadiger koers voortgaan as wat aanvanklik verwag is.

Met die oog op hierdie ontwikkelings lyk dit realisties om te voorspel dat die Suid-Afrikaanse ekonomie weer 'n klein afname in die reële bruto binnelandse produk sal ervaar — dit beteken dat negatiewe groei vir die eerste maal in die na-oorlogse tydperk in drie agtereenvolgende jare aangeteken mag word. Hoewel die droogte ook 'n nadelige uitwerking op die uitvoer sal hê en tot 'n aansienlike toename in die invoer van landbouprodukte aanleiding sal gee, sal die invoer van ander goedere waarskynlik verminder as gevolg van die laer vlak van binnelandse ekonomiese bedrywigheid. 'n Oorskot op die lopende rekening word dus verwag, wat 'n geringe uitvloeiing van kapitaal behoort te oorskry. Daar kan redelikerwys ook verwag word dat die binnelandse verbruikersprysinflasie in 1992 sal daal.


Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die verdieping in die afwaartse beweging van ekonomiese bedrywigheid in die eerste kwartaal van 1992 word duidelik weerspieël in 'n daling in die reële bruto binnelandse produk teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van bykans 2 persent. Hierdie skerper afname in die binnelandse produk volg op taamlik geleidelike afnames van kwartaal tot kwartaal gedurende 1991, en selfs 'n toename in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van ½ persent as gevolg van die betreklik goeie mielie-oes op daardie tydstop. Van die eerste kwartaal van 1991 tot die eerste kwartaal van 1992 het die daling in die reële produksie slegs ½ persent bedra, wat min of meer dieselfde koers van afname as in die kalenderjaar 1991 is. Die verdere afname in die reële bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1992 het die totale afname in die produksie oor die tydperk van drie jaar van die huidige konjunktorele afwaartse beweging op 1½ persent te staan gebring.

Op 'n sektorale grondslag is afnames in die reële produksie gedurende die eerste kwartaal van 1992 in

Reële bruto binnelandse produk



belangrike sektore soos die landbou, nie-goudmynbou, fabriekswese, konstruksie en handel aange- teken. Daarteenoor was daar klein toenames in die reële toegevoegde waarde van elektrisiteit, gas en water; finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste; en die algemene owerheid. Verder het die reële produksie van die goudmynboubedryf in die eerste kwartaal van 1992 merkbaar toegeneem vanweë die verwerking van erts met 'n betreklik hoë goudinhoud.

Nadat die *landbouproduksie* gedurende 1991 die reële bruto binnelandse produk gedurende 1991 onderskraag het, het dit in die eerste kwartaal van 1992 aansienlik afgeneem vanweë die ernstige droogte wat in die somerreëvalstreke van die land ondervind word. Die kwartaallikse koers van toename in die landbouproduksie, teen 'n jaarkoers, het in 1991 tussen vlakke van 5 en 6 persent gewissel; in die eerste kwartaal van 1992 het die toegevoegde waarde van hierdie sektor teen 'n jaarkoers van bykans 16 persent teruggesak.

Die heersende resessietoestande in die binne- landse mark, die dralende herstel van die wêreldeko- nomie en werkstopsettings wat in sekere subsektore van die mynboubedryf ondervind is, het veroorsaak dat die reële opbrengs in die *nie-goudmynboubedryf* in die eerste kwartaal van 1992 teen 'n jaarkoers van 9 persent gedaal het. Die produksie van die nie- goudmyne is deur die huidige resessie nadelig beïnvloed en die toegevoegde waarde van hierdie myne het van die eerste kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1992 met nie minder nie as 8 persent afgeneem.

Die reële opbrengs van die *vervaardigings- ondernemings* het voortgegaan om skerp af te neem en hierdie afname het betreklik wydverspreid voor- gekom. Die fabrieksproduksie wat vanaf die middel van 1990 begin daal het, het in die eerste kwartaal van 1992 met 'n verdere 3 persent (teen 'n jaarkoers) afgeneem. Dit het die totale afname in die fisiese omvang van die fabrieksproduksie sedert die begin van die heersende afwaartse beweging in ekono- miese bedrywigheid op ongeveer 6½ persent te staan gebring. Die meer algemene daling in die produksie van vervaardigers kan waarskynlik oorwegend aan die swak binnelandse finale vraag en die stadiger groei in die fisiese omvang van goedere-uitvoer toegeskryf word. Die swakker as verwagte ekono- miese toestande het sekere fabrieke genoodsaak om werksweke van vyf na vier en in sommige gevalle na selfs drie dae te verkort. Die persentasiebenutting van die fabriekswese se produksievermoë het in die vierde kwartaal van 1991 gevolglik tot 'n laagtepunt van 80½ persent gedaal.

Die reële produksie van die *konstruksiesektor* wat ook sedert die tweede helfte van 1990 afgeneem het, het in die eerste kwartaal van 1992 verder teen 'n jaarkoers van 8 persent gedaal, terwyl die reële

toegevoegde waarde van die *handel* teen 'n jaar- koers van 3 persent afgeneem het. Laasgenoemde afname het hoofsaaklik in die reële toegevoegde waarde van die groot- en kleinhandel voorgekom, terwyl die aantal motorvoertuie wat verkoop is (wat tot 'n baie lae vlak in die vierde kwartaal van 1991 teruggesak het) in die eerste kwartaal van 1992 gestyg het. Die vlak van die reële toegevoegde waarde in die motorhandel was egter steeds 8½ persent laer as in die eerste kwartaal van 1991.


In teenstelling met hierdie afnames in die sekto- rale produksie, het die reële produksie van *ander sektore* in die algemeen geringe toenames in die eerste kwartaal van 1992 getoon, en dit het mee- gehelp om die daling in totale reële produksie ietwat te versag.

Binnelandse besteding

Volgens die jongste ramings het die *totale reële bruto binnelandse besteding* wat in die laaste drie kwartale van 1991 teen jaarkoerse van tussen 2½ en 5½ persent gedaal het, in die eerste kwartaal van 1992 teen 8 persent toegeneem. Ondanks hierdie toename in die binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1992, was die vlak van die besteding steeds ongeveer 1 persent laer as in die ooreenstemmende kwartaal van 1991 en bykans 4 persent laer as aan die begin van die konjunkturale afwaartse beweging.

Die toename in die reële bruto binnelandse beste- ding in die eerste kwartaal van 1992 kan in verband gebring word met 'n ommekeer in die afname in voorrade en 'n verdere geringe toename in die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid. Die reële private verbruiksbesteding en die reële bruto binnelandse vaste investering het egter weer eens afgeneem.

Reële private verbruiksbesteding




Nadat afnames in die totale reële *private verbruiksbesteding* in die laaste drie kwartale van 1991 teen jaarkoerse van 2 en 2½ en effens meer as 3½ persent voorgekom het, het dit in die eerste kwartaal van 1992 teen 'n koers van 4½ persent afgeneem. Hierdie groot afname het veral in die reële besteding aan duursame goedere deur huishoudings voorgekom, maar die reële besteding aan semi-duursame en nie-duursame goedere het in die eerste kwartaal van 1992 ook skerper afgeneem. Die reële besteding aan dienste (wat sedert die tweede kwartaal van 1991 verminder het) het in die eerste kwartaal van 1992 verder gedaal. Die laer vraag na verbruikersgoedere en dienste kan toegeskryf word aan dalings in die reële persoonlike beskikbare inkomme en die verswakking van verbruikersvertroue. Die afdanking van 'n groot aantal werknemers en die algemene onsekerheid oor die toekomstige politieke ontwikkelinge het huishoudings ook versigtiger gemaak om verdere skuld aan te gaan.

Die reële *verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* in die derde kwartaal van 1991 wat aansienlik teen 'n jaarkoers van 23 persent gedaal het, het in die vierde kwartaal matig met 4 persent en in die eerste kwartaal van 1992 met 'n verdere 3 persent gestyg. Dit het die toename in die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid in die fiskale jaar 1991/92 op 2 persent te staan gebring, vergeleke met 4½ persent in die fiskale jaar 1990/91. Ten spyte van die klaarblyklike verlangsaming in die groei van die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid sedert die tweede kwartaal van 1991, het die totale toename in dié besteding vanaf die begin van die afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheid 3½ persent bedra. As 'n verhouding tot die bruto binnelandse produk het die owerheidsverbruiksbesteding van 18 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 19 persent in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem.

Die totale reële *bruto binnelandse vaste investering* het na raming in die eerste kwartaal van 1992 verder gedaal. Nadat die reële vaste investering in die vierde kwartaal van 1991 teen 'n buitengewoon hoë jaarkoers van 20½ persent afgeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1992 verder teen 'n jaarkoers van 7½ persent gedaal. Van die begin van die afwaartse fase in die ekonomie het die reële besteding aan kapitaalvorming met nie minder nie as 15 persent verminder.

Die afname in die vaste investering in die eerste kwartaal van 1992 weerspieël die laer vlakke van reële kapitaalbesteding in al drie die hoof institusionele sektore: die private sektor, die openbare korporasies en die openbare owerhede. Die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die reële vaste kapitaalvorming van die *private sektor* het in die eerste kwartaal van 1992 sowat 2 persent teen 'n jaarkoers bedra; dit was die agtste agtereën-

Reële bruto binnelandse besteding




volgende kwartaallike afname, maar die tempo van afname het van 5½ persent in die kalenderjaar 1991 verlangsam. Afnames in die reële vaste investering deur die private sektor is veral in die landbou, mynbou, fabriekswese en finansies aangeteken. Hierdie voortgesette swak vertoning van die investering van die private sektor kan in verband gebring word met die swak binnelandse vraag, 'n algemene gebrek aan vertroue in toekomstige ekonomiese ontwikkelinge, politieke onsekerhede en 'n lae vlak van kapasiteitsbenutting.

Die afname in die reële bruto binnelandse vaste kapitaalvorming deur die *openbare korporasies en die openbare owerhede* kan aan die lae vlakke van die reële besteding op basiese infrastrukturele beleggings deur die sentrale regering en plaaslike owerhede en aan besnoeiings in die begrotings van die openbare korporasies op nuwe ontwikkelingsuitgawes toegeskryf word. Daarbenewens het die reële kapitaalbesteding deur Transnet in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem; dit het gevolg op aansienlike toenames wat in die kalenderjaar 1991 as gevolg van investering in vliegtuie en verwante toerusting aangeteken is.

As 'n *verhouding van die bruto binnelandse produk* het die totale vaste investering in die eerste kwartaal van 1992 tot 16½ persent gedaal. Dit was naby aan die historiese laagtepunt van 16 persent in die tweede kwartaal van 1962. Die gemiddelde vlakke van die reële vaste investering relatief tot die bruto binnelandse produk in die sestiger-, sewentiger- en tagtigerjare was onderskeidelik 19½, 25½ en 23 persent.

Die reële *voorraadinvestering* wat in die derde

Verandering in voorrade



kwartaal van 1989 negatief geraak het, het in die eerste kwartaal van 1992 positief geword. Hierdie verandering het plaasgevind ten spyte van die verkoop van goedere uit strategiese voorrade en die swak landboustoestande in die land. Die klaarblyklik ongedwonge opbouing van voorrade het hoofsaaklik in nywerheids- en handelsvoorrade voorgekom en het waarskynlik met 'n skerp toename in die voorraad van ingevoerde goedere verband gehou. Dit kan moontlik aan verwagtings van 'n oplewing in die ekonomiese bedrywigheid en die vooruitkoop van ingevoerde goedere in afwagting op 'n moontlike depresiasie van die rand toegeskryf word. As 'n verhouding van die reële bruto binnelandse produk het die nywerheids- en handelsvoorrade na 'n vlak net bokant 18 persent toegeneem, vergeleke met 'n vlak in die vierde kwartaal van 1991 wat effens laer as 18 persent was.

Faktorinkome

Die koers van toename in die *totale nominale faktorinkome* teen markpryse het van 'n jaarkoers van ongeveer 13 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 8 persent in die eerste kwartaal van 1992 verlangsaam. Hierdie aansienlik laer groeikoers kan hoofsaaklik aan 'n merkbare afname in die totale vergoeding van werknemers toegeskryf word, terwyl die bruto bedryfsurplus voortgegaan het om teen 'n betreklik lae koers te styg.

Die koers van toename in die totale *arbeidsvergoeding* het van 'n jaarkoers van 14½ persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 8 persent in die eerste kwartaal van 1992 verlangsaam. Die verlangsaaming in die koers van toename in die totale besteding aan salarisse en lone het in die meeste sektore plaasgevind maar was veral duidelik waar te neem in die mynbou, fabriekswese en elektrisiteit, gas en water.


Die matige groei in die totale vergoeding van werknemers kan toegeskryf word aan besnoeiingsprogramme wat deur baie maatskappye in werking gestel is. Werkverskaffing is veral nadelig beïnvloed deur die skerp toename van 60 persent (vergeleke met die ooreenstemmende kwartaal van die vorige jaar) in die aantal maatskappylikwidasies in die eerste kwartaal van 1992. In 'n poging om militante vakbonde te omseil het baie maatskappye hulle gewend tot die praktyk om deelydse of tydelike werkers in diens te neem, en sodoende op die betaling van werknemersvoordele soos pensioene, mediese voordele en afleggingspakkette te bespaar.

Die groei in die nominale *bruto bedryfsurplus* het van kwartaallikse veranderings wat tussen 13 en 19 persent (teen jaarkoerse) in die eerste drie kwartale van 1991 gewissel het, tot 8 persent in die vierde kwartaal van 1991 en in die eerste kwartaal van 1992 verlangsaam. Die laer groei in die bedryfsurplus gedurende die laaste twee kwartale is 'n normale verskynsel in die gevorderde stadiums van 'n afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheid.

Binnelandse besparing

Die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk het in 1991 tot

Besparing



bykans 19 persent gedaal, wat die jongste jaarlikse laagtepunt is. Ramings vir die eerste kwartaal van 1992 toon dat hierdie verhouding verder tot 18½ persent afgeneem het. Hierdie baie lae binnelandse besparingsverhouding was hoofsaaklik die gevolg van voortgesette groot ontsparing deur die algemene owerheid. Die seisoensaangesuiwerde ontsparing deur die algemene owerheid het in die eerste kwartaal van 1992 bykans R9 miljard teen 'n jaar-koers bedra; dit is hoër as die ontsparing van R7,4 miljard deur die owerheid vir die volle kalenderjaar 1991. Die aansienlike ontsparing van die algemene owerheid was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in rentebetalinge op die staatskuld en in die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid, wat die laer groei in die lopende inkomme oorskry het.


Die netto besparing van die maatskappysektor wat betreklik bestendig gedurende 1991 gebly het, het in die eerste kwartaal van 1992 verswak. In teenstelling met hierdie verwickelinge, het die verhouding van die netto persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkomme van 'n laagtepunt van minder as 1 persent in die derde kwartaal van 1990 tot 2½ persent in die vierde kwartaal van 1991 en die eerste kwartaal van 1992 toegeneem. Die geringe verbetering in die vlak van die netto besparing deur huishoudings was die gevolg van 'n afname in die verhouding van die reële private verbruiksbesteding tot die reële persoonlike beskikbare inkomme. Nieteenstaande die matige toename in die persoonlike besparingsverhouding, is dit steeds buitensporig laag wanneer dit met die gemiddelde verhouding van 8½ in die sewentiger- en 4 persent in die tagtigerjare vergelyk word.

Werkverskaffing

Die *werkgeleenthede* in die formele sektore van die ekonomie het in die huidige konjunkturele afwaartse beweging aansienlik verswak as gevolg van die afname in die binnelandse vraag en die besnoeiingsprogramme wat deur verskeie nywerhede ingestel is. Talle werkgewers was genoop om werknemers af te dank om die stygende arbeidskoste te beperk ten einde hul mededingendheid te beskerm in 'n swak binnelandse mark en in baie gevalle ook in 'n internasionale mark wat gekenmerk was deur dalende grondstofpryse en laer toenames in die produksiekoste van baie mededingers. Van die begin van die afwaartse fase tot die vierde kwartaal van 1991 het die werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou met bykans 160 000 persone afgeneem. Intussen het die ekonomies bedrywige bevolking met ongeveer 300 000 persone per jaar toegeneem, wat meebring dat meer as 'n miljoen mense nie werk in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou oor die afgelope drie jaar kon vind nie.

Die totale *werkverskaffing buite die landbou* het

Werkverskaffing in nie-landbousektore



alreeds in die derde kwartaal van 1989 begin afneem, en die koers van afname het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,1 persent in daardie kwartaal tot 2,5 persent in die tweede kwartaal van 1991 versnel, voordat dit ietwat tot 1,8 persent in die derde kwartaal verlangsamen het. 'n Sterk toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede wat met kleiner afnames in die werkverskaffing deur die private sektor gepaard gegaan het, het daarna veroorsaak dat die totale werkverskaffing buite die landbou teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,0 persent in die vierde kwartaal van 1991 toegeneem het. Vir die jaar 1991 as 'n geheel het die totale werkverskaffing in die sektore buite die landbou met 2,1 persent gedaal, vergeleke met 0,5 persent in 1990.

Soos verwag kon word, het hierdie afname in die formele werkverskaffing hoofsaaklik in die *private sektor* voorgekom: werkverskaffing in die private sektor het in 1990 en 1991 teen koerse van 0,7 en 3,6 persent gedaal. Die koers van afname in werkverskaffing in die private sektor (teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse) het ook skerp versnel van 0,8 persent in die derde kwartaal van 1989 tot 5,3 persent in die eerste kwartaal van 1991; daarna het dit egter aansienlik afgeneem tot slegs 0,1 persent in die

vierde kwartaal as gevolg van kleiner personeelvermindering in die meeste nywerhede.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die werkverskaffing deur die openbare owerhede wat van 1,7 persent in 1986 en 1987 tot slegs 0,1 persent in 1990 verminder het, het weer tot 1,6 persent in 1991 gestyg. Hierdie hoër koers van toename was hoofsaaklik die gevolg van toenames in die polisiemag, onderwysers wat by die opvoeding van swart kinders betrokke is en personeel wat in die korrektiewe dienste in diens geneem is.

Die konjunkturele swak vraag na arbeid in die formele sektore van die ekonomie was ook sigbaar in die aantal oortydure gewerk in die fabriekswese en die konstruksiebedryf. Die verhouding van oortydure tot gewone ure gewerk in die fabriekswese het ononderbroke van die derde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1991 gedaal; in die daaropvolgende twee kwartale en in Januarie 1992 het dit ietwat toegeneem. In die konstruksiebedryf het hierdie verhouding 'n dalende neiging van die tweede kwartaal van 1989 tot die einde van 1990 getoon, maar ietwat herstel in die eerste helfte van 1991 en daarna sywaarts beweeg in die daaropvolgende sewe maande.


Toenames en afnames in die *geregistreeerde werkloosheid* het mekaar gedurende 1991 afgewissel, maar die aantal geregistreeerde werkloos het nietemin per saldo van 263 000 in Desember 1990 tot 303 000 in November 1991 toegeneem. Die gemiddelde vlak van die geregistreeerde werkloosheid was in die eerste elf maande van 1991 met 8,6 persent hoër as die gemiddelde vir die tweede helfte van 1990.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Ten spyte van die aansienlike verswakking in werkgeleenthede in die formele sektore van die ekonomie, het die koers van toename in die gemiddelde maandelikse bedrag van nominale salarisse en lone per werker slegs effens afgeneem van 18,0 persent in 1989 tot 16,9 persent in 1990 en 15,4 persent in 1991. Hierdie hoër koerse van toename het waarskynlik bygedra tot die toenemende werkloosheid en die oënskynlike traagheid van inflasie in verbruikerspryse om gunstiger op die beperkende ekonomiese beleidsmaatreëls te reageer. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker het skerp afgeneem van 19,0 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 13,0 persent in die tweede kwartaal van 1991, maar het daarna weer tot 15,8 en 15,3 persent in die volgende twee kwartale versnel.

Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salarisse en lone per werker in die *private sektor* het ook van 'n hoogtepunt van 18,3 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 14,3 persent in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem; daarna het dit ietwat tot 15,4 persent in die derde kwartaal versnel

Gemiddelde vergoeding per werker in nie-landbousektore



voordat dit weer tot 14,1 persent in die vierde kwartaal afgeneem het. Dit het die toename in die loon per werker in die private sektor op 14,9 persent in 1991 te staan gebring; in 1990 het die gemiddelde loon met 16,6 persent gestyg en in 1989 met 16,3 persent.

Die koers van toename in die nominale salarisse en lone per werker in diens van die *openbare owerhede* het ook skerp afgeneem van 'n hoogtepunt van 21,9 persent in 1989 tot 15,7 persent in 1991. Die toenames in die gemiddelde vergoeding van werkers in die diens van die openbare owerhede was nietemin vir die derde agtereenvolgende jaar hoër as dié van werkers in die private sektor. Op 'n kwartaallikse grondslag het die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde nominale salarisse en lone per werker in diens van die openbare owerhede van koerse vanaf meer as 20 persent in elk van die vier kwartale van die tweede kwartaal van 1990 tot die eerste kwartaal van 1991 tot 9,9 persent in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem; daarna het dit egter weer tot koerse van 16,0 en 17,0 persent in die daaropvolgende twee kwartale versnel.

As gevolg van die laer koers van toename in die nominale salarisse en lone het die koers van toename in die gemiddelde *reële loon per werker* in die nie-landbousektore van die ekonomie afgeneem van 2,9 persent in 1989 tot 2,2 persent in 1990; die gemiddelde reële loon het toe in 1991 feitlik onveranderd gebly. Die koers van verandering oor vier kwartale in die reële loon per werker het egter gedurende

1991 merkbaar gewissel; 'n hoë koers van toename van 3,0 persent in die eerste kwartaal is gevolg deur 'n afname van 1,7 persent in die tweede kwartaal, effens positiewe groei van 0,2 persent in die derde kwartaal en 'n daling van 0,8 persent in die vierde kwartaal.

Die koers van toename in die *arbeidsproduktiwiteit* in die sektore buite die landbou het aanvanklik tydens die afwaartse fase van 2,5 persent in 1988 tot 0,4 persent in 1990 afgeneem. Daarna het dit egter teen 'n hoër koers van 1,4 persent in 1991 toegeneem. Die herversnelling in die groeiakoers van die arbeidsproduktiwiteit was reeds sedert die middel van 1990 waar te neem toe die koers van toename oor vier kwartale van 1,2 persent in die derde kwartaal van 1990 tot 1,9 persent in die vierde kwartaal toegeneem het. Hierdie koers van toename in die reële produksie per werker het daarna weer tot 0,5 persent in die vierde kwartaal van 1991 afgeneem.


Die voortgesette toenames in die arbeidsproduktiwiteit en die laer koers van toename in die nominale vergoeding van werkers het veroorsaak dat die koers van toename in die *nominale arbeids-eenheidskoste* effens afgeneem het van 17,2 persent in 1989 tot 16,5 persent in 1990, en daarna meer aansienlik verlangsaam het tot 13,9 persent in 1991. Op soortgelyke wyse het die koers van toename in die *reële arbeidseenheidskoste* (soos gedefleer deur die deflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) ook matig van 1,4 persent in 1989 tot 1,2 persent in 1990 afgeneem, voordat die reële arbeidseenheidskoste met 0,5 persent in 1991 gedaal het.

Pryse

Die besliste afwaartse neiging in die *produksieprysindeks* wat gedurende 1991 sigbaar was, is in die eerste drie maande van 1992 voortgesit. Die koers van toename in hierdie indeks gemeet oor tydperke van twaalf maande, het van 14,6 persent in November 1990 tot 8,6 persent in Desember 1991 verlangsaam; daarna het dit 6,7 persent in albei die eerste twee maande van 1992 bedra voordat dit weer tot 8,0 persent in Maart toegeneem het. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die produksieprysindeks het selfs skerper afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 20,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 3,2 persent in die eerste kwartaal van 1992.

Die dalende verloop van inflasie in die produksiepryse was grotendeels die gevolg van 'n afwaartse beweging in die prysstygings van *ingevoerde goedere* vanweë die slegs matige afnames in die effektiewe wisselkoers van die rand, die verlaging van bobelastings op ingevoerde goedere in 1990 en 1991 en die relatiewe prysstabiliteit in Suid-Afrika se vernameste handelsvennootlande. Die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere oor tydperke van twaalf maande het skerp gedaal van

Inflasie



19,1 persent in November 1990 tot 1,9 persent in Desember 1991. In Januarie en Februarie 1992 het die pryse van ingevoerde goedere vergeleke met dieselfde maande in die voorafgaande jaar met onderskeidelik 1,9 en 0,9 persent gedaal, voordat dit weer teen 'n koers van 4,1 persent in Maart toegeneem het. Laasgenoemde styging het egter hoofsaaklik verband gehou met 'n daling in die pryse van olie in Maart 1991, wat gelei het tot 'n lae statistiese basis vir die berekening van die groei oor tydperke van twaalf maande. Die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die pryse van ingevoerde goedere (seisoensaangesuiwerd en verhef tot 'n jaarkoers) het in die eerste kwartaal van 1992 met 0,7 persent gedaal.

Die laer koerse van toename in die omvattende produksieprysindeks was ook toe te skryf aan laer koerse van toename in die pryse van *binnelands vervaardigde goedere*. Die koers van toename in die pryse van binnelands vervaardigde goedere oor tydperke van twaalf maande het van 'n hoogtepunt van 13,9 persent in Maart 1991 tot slegs 8,5 persent in Februarie 1992 afgeneem; in Maart 1992 het dit effens tot 8,9 persent versnel, wat reeds tot 'n mate 'n weerspieëling is van die styging in die pryse van landbouprodukte as gevolg van die heersende droogte in die land. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van binnelands vervaardigde goedere het ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 14,7 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 8,2 persent in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem; daarna het dit kortstondig tot 12,0 persent in die derde kwartaal versnel

voordat dit weer tot slegs 3,7 persent in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem het.

In teenstelling met hierdie skerp dalende neiging van inflasie in die produksiepryse, het die *inflasie in verbruikerspryse* eers onlangs begin om effens af te neem. Die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks oor *tydperke van twaalf maande* het van 13,3 persent in Julie 1990 tot 16,8 persent in Oktober 1991 toegeneem, en daarná weifelend afwaarts beweeg tot 15,7 persent in Maart 1992 en tot 15,6 persent in April. Die matige afname van inflasie in verbruikerspryse kan in 'n mate aan aansienlike stygings in die pryse van voedsel toegeskryf word. Indien die pryse van voedsel (met inbegrip van nie-alkoholiese drank) van hierdie indeks uitgesluit word, het die koers van toename in die ander verbruikerspryse merkbaar afgeneem van 15,4 persent in Julie 1991 tot 12,4 persent in April 1992.

Verskeie faktore was waarskynlik verantwoordelik vir die uiteenlopende beweging tussen die verbruikers- en die produksieprysindeks, waaronder:

- 'n baie vinniger koers van toename gedurende 1990 en 1991 in die arbeidskoste van ondernemings in die kleinhandel as dié van ondernemings in die fabriekswese;

- die betreklik groot regstreekse invloed van die laer toenames in die pryse van ingevoerde goedere op die produksiepryse teenoor 'n heelwat kleiner regstreekse invloed op die verbruikerspryse;

- 'n skerp versnelling in die pryse van dienste wat in die verbruikersprysindeks ingesluit is, maar nie 'n deel van die produksieprysindeks uitmaak nie;

- die inwerkingstelling van die belasting op toegevoegde waarde wat die kleinhandelspryse (veral die pryse van voedsel en verbruikersdienste) laat toeneem het, maar wat nulkoerse op kapitaal- en intermediêre goedere ingestel het; en

- die berekening van die verbruikersprysindeks vanaf Augustus 1991 volgens die bestedingspatrone van huishoudings in 1990. Die amptelik berekende koerse van verandering wat gepubliseer word is egter nog steeds deur die 1985-gewigte beïnvloed aangesien die indekswaardes wat sedert Augustus 1991 (1990-gewigte) bereken word, met die indekswaardes van 1990 (1985-gewigte) vergelyk word.

Die koers van toename van *kwartaal tot kwartaal* in die omvattende verbruikersprysindeks het egter nietemin onlangs skerp afgeneem van 'n seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van 18,8 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 12,8 persent in die eerste kwartaal van 1992 — die laagste koers van toename sedert die tweede kwartaal van 1988. Hierdie laer koers van toename is veroorsaak deur stadiger toenames in die pryse van sowel verbruikersgoedere as -dienste. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal (seisoensaangesuiwerd en verhef tot 'n jaarkoers) in die pryse van verbruikersgoedere het van 21,1 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot

14,8 persent in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem, terwyl die ooreenstemmende koers van toename in die pryse van verbruikersdienste van 16,6 persent tot 9,5 persent oor dieselfde tydperk afgeneem het.

Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het aansienlik van die buitengewoon hoë syfer van R3,1 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R2,0 miljard in die eerste kwartaal van 1992 verminder. Die vlak van hierdie oorskot was egter slegs effens laer as die oorskot van R2,1 miljard in die derde kwartaal van 1991, maar was effens hoër as die gemiddelde kwartaallike oorskot van R1,9 miljard in 1991 in sy geheel. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot op die lopende rekening aanmerklik van R9,7 miljard in die derde kwartaal en R12,3 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R4,5 miljard in die eerste kwartaal van 1992 gedaal.

Hierdie aansienlike daling in die oorskot op die lopende rekening ná aansuiwering vir seisoenale invloede was grotendeels die resultaat van 'n skerp toename in die waarde van die goedere-invoer en 'n daling in die waarde van die netto gouduitvoer. Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het ook matig gestyg, terwyl die waarde van die

goedere-uitvoer effens verbeter het.


Die waarde van die goedere-invoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) wat van R50,2 miljard in die tweede kwartaal van 1991 tot R45,9 miljard in die vierde kwartaal verminder het, het in die eerste kwartaal van 1992 weer tot R50,5 miljard gestyg. Die toename van ongeveer 10 persent in die waarde van die goedere-invoer van die vierde kwartaal van 1991 tot die eerste kwartaal van 1992 kan meer as ten volle toegeskryf word aan 'n toename van 11 persent in die hoeveelheid goedere ingevoer. Toenames in hoeveelhede het oor 'n wye spektrum van goedere voorgekom, maar die invoer van mineraalprodukte het veral aansienlik toegeneem. As mineraalprodukte trouens buite rekening gelaat word, het die fisiese omvang van al die ander goedere ingevoer met slegs 4½ persent gestyg.

Invoerpriese het in die eerste kwartaal van 1992 marginaal met net minder as 1 persent gedaal ná betreklik matige koerse van toename in die tweede helfte van 1991 en 'n gemiddelde toenamekoers van 5½ persent vir die jaar in sy geheel. Laer internasionale oliepryse, wat nie ten volle deur die depresiasie in die rand teenoor die VSA-dollar geneutraliseer is nie, was hoofsaaklik vir die laer invoerpriese verantwoordelik.

Die waarde van die netto gouduitvoer het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 'n hoogtepunt van R21,2 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R18,1 miljard in die eerste kwartaal van 1992, of met 14½ persent gedaal. Hierdie aansienlike daling in die netto gouduitvoer kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n afname van 9 persent in die hoeveelhede van die uitvoer, wat op sy beurt met die laer binnelandse produksie verband gehou het. Die gemiddelde gerealiseerde prys van goud wat van die derde tot die vierde kwartaal van 1991 met 5½ persent toegeneem het vanweë gunstige termynverkope, het in die eerste kwartaal van 1992 weer met 6 persent tot meer normale vlakke gedaal. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark het slegs effens van VSA\$360 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1991 tot \$351 in die eerste kwartaal van 1992 teruggesak.

Nadat die waarde van die goedere-uitvoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) in die derde kwartaal van 1991 tot 'n rekordvlak van R48,6 miljard gestyg het, het dit tot die steeds hoë bedrae van R47,3 miljard in die vierde kwartaal en R47,6 miljard in die eerste kwartaal van 1992 gedaal. Uitvoerhoeveelhede het in die eerste kwartaal van 1992 met ongeveer 3 persent toegeneem en meer as vergoed vir 'n daling van 2½ persent in die uitvoerpriese. Die uitvoer van vervaardigde goedere (chemiese produkte, papierprodukte en masjinerie en elektriese toerusting) het bly goed presteer, terwyl die uitvoer van metaal- en mineraalprodukte verminder het.

Betalingsbalans




Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarlikse waarde van R10,3 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R10,7 miljard in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem. Hierdie toename was die resultaat van hoër betalings vir dienste wat 'n toename in ontvangste vir dienste oorskry het. Hoër vrag en versekering op goedere wat met die hoër hoeveelhede van die invoer verband gehou het en 'n styging in die besteding van toeriste in die buiteland, was hoofsaaklik vir die styging in dienstebetalings verantwoordelik, terwyl hoër ontvangste vir vervoerdienste gelewer en inkome op buitelandse beleggings hoofsaaklik tot die hoër ontvangste vir dienste bygedra het.

Kapitaalrekening

Nadat 'n baie groot *uitvloeiing van kapitaal* nie aan reserwes verwant nie van R4,7 miljard in die vierde kwartaal van 1991 aangeteken is (hoofsaaklik as gevolg van die afskaffing van voorkeurkoerse op termynvalutatransaksies), het die uitvloeiing in die eerste kwartaal van 1992 tot 'n onbeduidende R21 miljoen gedaal. Soos verwag kon word, het hierdie aansienlike verbetering op die kapitaalrekening hoofsaaklik in korttermynkapitaalbewegings voorgekom, maar 'n matig laer netto uitvloeiing van langtermynkapitaal is ook aangeteken.

Die netto uitvloeiing van *langtermynkapitaal* het van R442 miljoen in die vierde kwartaal van 1991 tot R287 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem. Hierdie uitvloeiing het voorgekom ten spyte van die feit dat twee leningsuitgiftes suksesvol in die Europese kapitaalmarkte van stapel gestuur is en die opbrengs aan die leners oorbetal is: 'n uitgifte van ECU250 miljoen (R896 miljoen) ten behoeve van die Tesourie en 'n uitgifte van DM200 miljoen (R350 miljoen) vir die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika. 'n Derde leningsuitgifte van DM300 miljoen vir Eskom is ook in die eerste kwartaal van 1992

Netto kapitaalbewegings



suksesvol geloods, maar die opbrengs is eers in April oorbetal en sal in die tweede kwartaal in die kapitaalrekening weerspieël word. Vanweë hierdie leningsuitgiftes is 'n netto kapitaalinvloeiing van R1,0 miljard na die openbare sektor in die eerste kwartaal van 1992 aangeteken.

Hierdie netto invloeiing van kapitaal na die open-

Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1991					1992
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw
Goedere-uitvoer	41,8	45,9	48,6	47,3	45,9	47,6
Netto gouduitvoer	17,3	20,0	20,1	21,2	19,6	18,1
Goedere invoer	-47,5	-50,2	-49,1	-45,9	-48,2	-50,5
Netto dienste- en oordragbetalings	-10,1	-9,5	-9,9	-10,3	-9,9	-10,7
Saldo op lopende rekening.....	1,5	6,2	9,7	12,3	7,4	4,5

bare owerhede en die openbare korporasies is deur die terugbetaling in Februarie 1992 van omtrent VSA\$200 miljoen van die skuld binne die stilstandnet kragtens die Derde Tussentydse Skuldreëlings met buitelandse krediteurbanke geneutraliseer. Hierdie skuldterugbetalings in die eerste kwartaal van 1992 is gedeeltelik ingesluit in die groot netto uitvloeiing van langtermynkapitaal van die private sektor van R1,3 miljard wat meer as die gemiddelde kwartaal-likse uitvloeiing van R0,7 miljard van hierdie tipe kapitaal in 1991 was.

Korttermynkapitaalbewegings het van 'n baie groot uitvloeiing van R4,2 miljard (wat met die duurder termynvalutadekking verband gehou het) in die vierde kwartaal van 1991 tot 'n invloeiing van R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1992 verander. Die invloeiing van kapitaal in die eerste kwartaal van 1992 was hoofsaaklik in die vorm van handelsfinansiering vanweë die hoër waarde van die invoer.

Buitelandse skuld


Suid-Afrika se *totale uitstaande buitelandse skuld* het gedurende 1991 verder van VSA\$19,4 miljard aan die einde van 1990 tot \$18,1 miljard aan die einde van 1991 gedaal. Gewaardeer teen die wisselkoerse van die VSA-dollar teenoor ander geldeenhede soos op 31 Augustus 1985, het die totale uitstaande buitelandse skuld van Suid-Afrika op 31 Desember 1991 \$15,6 miljard beloop, vergeleke met \$16,4 miljard aan die einde van 1990 en \$23,7 miljard aan die begin van die skuldstilstandreëlings op 31 Augustus 1985. Dit impliseer dat die uitstaande skuld soos gewaardeer teen die wisselkoerse op 31 Augustus 1985, met \$8,1 miljard, of 34 persent verminder is.

Die *geaffekteerde buitelandse skuld* van Suid-Afrika het ook verder van \$6,6 miljard aan die einde van 1990 tot \$6,0 miljard aan die einde van 1991 afgeneem. Gewaardeer teen die wisselkoerse van 31 Augustus 1985 het die geaffekteerde skuld met \$8,3 miljard van \$13,6 miljard aan die einde van Augustus 1985 tot \$5,3 miljard aan die einde van 1991 afgeneem. Nie minder nie as \$3,2 miljard is terugbetaal op geaffekteerde skuld ingevolge die tussentydse skuldreëlings wat met buitelandse krediteurbanke aangegaan is. Die verdere afname in geaffekteerde skuld was te danke aan omskakelings na langtermynlenings buite die net en aan skuld wat vir eienaarsbelang geruil is.

Suid-Afrika se *nie-geaffekteerde skuld* het ook gedaal, naamlik van \$12,8 miljard aan die einde van 1990 tot \$12,2 miljard aan die einde van 1991. Gewaardeer teen die wisselkoerse soos op 31 Augustus 1985, het die nie-geaffekteerde skuld van \$10,1 miljard aan die einde van Augustus 1985 tot \$10,3 miljard aan die einde van 1991 toegeneem.

Die netto terugbetalings op Suid-Afrika se buitelandse skuld behoort die land se *kredietwaardigheid*

Totale buitelandse skuld teen heersende wisselkoerse




verder te help verbeter. As 'n persentasie van die uitvoer van goedere en dienste het Suid-Afrika se buitelandse skuld byvoorbeeld van 70 persent in 1990 tot 65 persent in 1991 gedaal; die ooreenstemmende verhouding in ontwikkelende lande in die Westelike Halfrond het 250 persent beloop. Suid-Afrika se buitelandse skuld as 'n verhouding van die bruto binnelandse produk is ook van 43 persent aan die einde van Augustus 1985 tot 19 persent aan die einde van 1990 en 17 persent aan die einde van 1991 verlaag.


Buitelandse reserwes

Die netto resultaat van die oorskot op die lopende rekening en die klein uitvloeiing van kapitaal, was 'n toename van R2 miljard in Suid-Afrika se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in die eerste kwartaal van 1992; in die vierde kwartaal van 1991 het hierdie netto reserwes met R1,6 miljard gedaal. Nadat waardasie-aansuiwerings en veranderings in laste verwant aan reserwes in aanmerking geneem is, het die totale *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* in die eerste drie maande van 1992 met R1,8 miljard tot R11,6 miljard aan die einde van Maart toegeneem. Ingesluit in hierdie styging is die opbrengs van die openbare ECU-leningsuitgifte ten bedrae van R0,9 miljard wat tydelik deur die Tesourie in die buiteland belê was. Die oordrag van die opbrengs van hierdie lening in April na die Reserwebank was verantwoordelik vir 'n ooreenstemmende daling in die buitelandse valutabesit van die Sentrale Regering, en ook vir die styging in die buitelandse reserwes van die Reserwebank van R0,7 miljard tot R9,6 miljard aan die einde van die maand. In Mei 1992 het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R0,8

Bruto en netto reserwes van die Reserwebank



Finansiële-randdiskonto



miljard tot 'n vlak van R10,4 miljard toegeneem.

Aan die einde van die eerste kwartaal van 1992 het Suid-Afrika se totale bruto buitelandse reserwes die waarde van twee maande se invoer van goedere en dienste vir die eerste keer sedert die eerste kwartaal van 1988 oorskry. Die huidige netto reserweposisie is egter duidelik baie gesonder as in 1988 toe die Reserwebank aansienlik in die buiteland moes leen om die vlak van die buitelandse valuta-besit te steun; aan die einde van Maart 1992 het die Reserwebank geen uitstaande korttermynlenings verwant aan reserwes gehad nie.

Wisselkoerse

Gedurende die eerste drie maande van 1992 is die dalende neiging van die VSA-dollar teenoor al die belangrikste geldeenhede omgekeer en het dit begin om te appresieer op sterkte van die meer positiewe ekonomiese ontwikkelings in die Verenigde State. Die rand het derhalwe van 8 Januarie 1992 tot 20 Maart met 6,2 persent teenoor die VSA-dollar gededesieer, maar teenoor al die ander belangrikste geldeenhede geappresieer. Hernieuwe besorgdheid oor die Verenigde State se ekonomie, verwagtings van 'n groterwordende verskil tussen rentekoerse in Duitsland en die Verenigde State en 'n appresiasie van die VK-pond na die verkiesing, het egter tot 'n hernieuwe verswakking van die dollar gelei. Die rand het tot aan die einde van Mei 1992 weer teenoor die dollar geappresieer maar teenoor

al die ander belangrikste geldeenhede gededesieer. Die netto resultaat van hierdie wisselkoersbewegings was 'n daling van 1,1 persent in die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand van die einde van 1991 tot aan die einde van Mei 1992.

Die afname in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die eerste kwartaal van 1992 het die inflasieverskil tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennootlande effens oorskry. Die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het dus van Desember 1991 tot Maart 1992 met 0,4 persent gedaal.

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

	31 Des 1991 tot 31 Mrt 1992	31 Mrt 1992 tot 31 Mei 1992	31 Des 1991 tot 31 Mei 1992
Gewoegde gemiddelde..	-0,7	-0,4	-1,1
VSA-dollar.....	4,7	1,6	-3,2
Britse pond	2,8	-3,6	-0,9
Duitse mark.....	3,5	-0,8	2,6
Japanse jen	1,1	-2,1	-1,1
Nederlandse gulden	3,4	-0,9	2,5
Italiaanse lire.....	3,1	-1,2	1,9
Finansiële rand.....	-9,7	2,1	-7,8

Onsekerhede wat oor die belasbaarheid van nie-inwoners se inkome uit plaaslike bronne ontstaan het, sowel as vrese vir 'n negatiewe uitkoms in die referendum om Suid-Afrika se politieke hervormingsproses te bepaal, het 'n skerp verswakking van die *finansiële rand* van 'n hoogtepunt van R2,99 per dollar op 19 November 1991 tot R3,95 per dollar op 17 Maart 1992 en 'n finansiële-randdiskonto van 27 persent — die hoogste diskonto sedert 14 Desember 1990 — tot gevolg gehad. Die uitslag van die referendum en die aankondiging van die Reserwebank op 20 Maart 1992 dat die Bank in die finansiële-randmark sal inmeng om die koers van die finansiële rand teenoor die dollar te stabiliseer, het die finansiële rand tot R3,44 per dollar en tot 'n diskonto van 17,6 persent op 31 Mei 1992 laat verstewig. Van die begin van April 1992 tot aan die einde van Mei het die finansiële-randdiskonto tussen die nou marges van 15 en 18 persent geskommel. Op 3 Junie 1992 het die Minister van Finansies aangekondig dat alle rentebetelings aan nie-inwoners in die toekoms van Suid-Afrika se inkomstebelasting vrygestel sal wees.


Finansiële markte

Geldvoorraad


Die koers van toename in die *omvattend gedefiniëerde geldvoorraad (M3)* het vanaf 'n hoogtepunt van 27,5 persent in Augustus 1988 tot 10,2 persent in Januarie 1991 afgeneem; dit het daarna weer tot 15,9 persent in Februarie toegeneem, gedurende die res van 1991 rondom hierdie hoër vlakke gewissel en op 14,4 persent in Januarie 1992 te staan gekom. Hierdie hoër koerse van toename is hoofsaaklik teweeggebring deur die regulatoriese veranderinge kragtens die Wet op Depositonemende Instellings wat vanaf 1 Februarie 1991 in werking getree het, en wat daartoe gelei het dat buite-balansstaatposte weer op die balansstate van hierdie instellings getoon is. Aangesien die invloed van die regulatoriese veranderinge nie langer in die groeikoers van M3 oor tydperke van twaalf maande weerspieël word nie, het hierdie koers van toename tot 10,6 persent in Februarie 1992 en tot 9,5 persent in Maart afgeneem — min of meer die vlakke wat geheers het voordat die nuwe regulasies van toepassing geword het. Voorlopige ramings dui daarop dat die groei in M3 in April 1992 ietwat tot 11,1 persent versnel het.

Hierdie betreklik stadige groei in M3 word hoofsaaklik aan die voortgesette beperkende stand van monetêre beleid, die verdieping van die konjunkturele afwaartse beweging van ekonomiese

Geldvoorraad



Riglyne vir groei in M3



bedrywigheid en disintermediasiepraktyke toegeskryf. Ten spyte van die lae groei in die geldvoorraad het dit voortgegaan om rondom die boonste perke van die *nuwe riglyne* vir die groei in die geldvoorraad van tussen 7 en 10 persent van die vierde kwartaal van 1991 tot die vierde kwartaal van 1992 te wissel. Nadat dit die riglynkegel in Januarie 1992 en sowel die tonnel as die kegel in Februarie oorskry het, het die finale berekende waarde van M3 vir Maart 1992 binne die grense van albei die riglynkegel en die tonnel geval. Die voorlopige ramings vir April 1992 het egter die boonste perke van die riglynkegel met R1,9 miljard (1,0 persent) en die tonnel met R0,5 miljard (0,3 persent) oorskry.

In teenstelling met die groei in M3, het die koerse van toename in die *enger monetêre groothede* betreklik vinnig gedurende die eerste nege maande van 1991 toegeneem (ook hoofsaaklik vanweë tegniese faktore verwant aan die nuwe regulasies), maar het daarna in die daaropvolgende maande skerp afgeneem: die groeikoerse van M1 en M2 oor 'n tydperk van twaalf maande, wat skerp tot 24,4 en 22,9 persent aan die einde van September 1991 versnel het, het tot 14,2 en 11,8 persent aan die einde van Maart 1992 teruggesak. Die ooreenstemmende groeikoerse in M1A het insgelyks afwaarts gewissel van 'n hoogtepunt van 29,6 persent in Augustus 1991 tot 16,4 persent in Februarie 1992. Dit het egter weer skerp tot 25,2 persent aan die einde van Maart 1992

toegeneem as gevolg van die omskakeling van ander langertermyndeposito's na deposito's op lopende rekenings.

Soos reeds aangedui, kan die laer groei in die geldvoorraad gedeeltelik toegeskryf word aan die hernieuwe disintermediasie omdat die marge tussen die uitleen- en depositokoerse van depositonemende instellings aansienlik vergroot het. Dit het meegebring dat die *inkome-omloopsnelheid* van M3 effens gestyg het. Nadat dit tot die laagste vlak in die afgelope twaalf jaar van 1,67 in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem het, het die inkome-omloopsnelheid van M3 weer tot 1,72 in die vierde kwartaal van 1991 en tot 1,71 in die eerste kwartaal van 1992 gestyg.

In 'n *statistiese of rekeningkundige* sin was die belangrikste teenhangers van die toename van R5,7 miljard in M3 gedurende die eerste kwartaal van 1992, toenames van R2,1 miljard in die monetêre instellings se eise teen die private sektor, R2,0 miljard in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die land en R2,6 miljard in die sogenaamde "netto ander bates" van die monetêre sektor. Die netto eise van monetêre instellings teen die regeringsektor het in die eerste kwartaal van 1992 met R1,0 miljard afgeneem.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die onderliggende *groei in kredietverlening* deur monetêre instellings aan die binnelandse private sektor het gedurende 1991 betreklik laag gebly. Die koers van toename in kredietverlening gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande het hoofsaaklik as gevolg van die veranderinge aan die regulasies kragtens die Wet op Depositonemende Instellings van 12,8 persent in Januarie 1991 tot 18,7 persent in Februarie 1991 gestyg; dit het daarna vir die grootste deel van die jaar rondom hierdie vlak gewissel voordat dit aansienlik tot 14,5 persent in Desember 1991 en 15,6 persent in Januarie 1992 gedaal het. Die onderliggende groeikoerse in kredietverlening aan die private sektor soos gemeet vanaf die einde van Februarie 1991 (die maand waarin die nuwe regulasies in werking getree het) tot die einde van Januarie 1992 het egter slegs 10,9 persent (seisoens-aangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) beloep. Hierdie betreklik lae onderliggende groeikoerse is daarna bevestig deur die koerse van toename oor twaalf maande van 10,9 en 10,0 persent in kredietverlening aan die private sektor in onderskeidelik Februarie en Maart 1992.

Die algemene verlangsamings van groei in kredietverlening deur monetêre instellings vanaf Januarie 1991 het hoofsaaklik verband gehou met 'n laer vraag na krediet wat die meer neerdrukkende ekonomiese toestande in samehang met die uitwerking van positiewe reële rentekoerse weerspieël het. Die algemene publiek het minder geneë begin raak

om van addisionele verbruikerskrediet gebruik te maak vir die finansiering van aankope van duursame goedere, terwyl sakeondernemings begin het om hulle uitgawes te besnoei. Sekere monetêre instellings het ook minder tegemoetkomend begin raak ten opsigte van verdere kredietverlening aan sommige kliënte in die proses van aktiewe krediet-risikobestuur.

'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor volgens die soort krediet verleen, toon dat die laer groei in kredietverlening hoofsaaklik in huurkoopkrediet en oortrokke rekeninge voorgekom het. Die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in *huurkoopkrediet* het van 15,7 persent in Desember 1990 tot 6,7 persent in Desember 1991 en tot slegs 2,2 persent in Maart 1992 verlangsaam. Die koers van toename oor twaalf maande in "*ander lenings en voorskotte*" (hoofsaaklik oortrokke rekeninge) het op soortgelyke wyse van 12,8 persent in Desember 1990 tot 7,0 persent in Maart 1992 teruggesak.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers van toename oor twaalf maande in *verbandvoorskotte* van 14,7 persent in Desember 1990 tot 18,0 persent in Desember 1991 en tot 17,8 persent in Maart 1992 gestyg. Hierdie groeikoerse in verbandvoorskotte is aansienlik hoër as die inflasiekoers en kan verwant wees aan die stadiger terugbetaling van

kapitaal, 'n toename in die waarde van transaksies in vaste eiendom, toenemende gebruikmaking van hierdie kredietfasiliteit om verbruiksbesteding te finansier en die vergelykenderwys gunstige rentekoerse wat aan hierdie soort krediet verbind word. Depositonemende instellings is ook deur die laer kapitaalvereistes op verbandvoorskotte aangemoedig om hierdie soort kredietverlening te bevorder.

Ten spyte van die traë vraag na duursame goedere in 1991 en die eerste kwartaal van 1992, het *bruikhuurfinansiering* steeds veerkragtig vertoon. As 'n aanduiding van die mate waartoe sodanige krediet aangewend is vir die aankope van nywerheids-, handels- en kantoortoerusting vanweë sekere belasting- en kontantvloeivoordele wat met hierdie vorm van finansiering verbind word, het bruikhuurfinansiering tussen Desember 1990 en Desember 1991 met 20,6 persent toegeneem. Hierdie koers van toename oor twaalf maande het daarna selfs verder tot 24,4 persent in Maart 1992 gestyg.


Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Die *geldmarktoestande* wat reeds sedert die laaste maande van 1990 merkbaar verruim het, het gedurende die eerste vyf maande van 1992 baie likwied geraak. Hierdie ruimer toestande word duidelik weerspieël in die toename in die gemiddelde daaglikse vlak van *geldmarklikwiditeit* voor Reserwebankoptrede van 'n tekort van R0,7 miljard in Januarie 1992 tot 'n oorskot van R0,6 miljard van Februarie tot Mei 1992. Nadat die optrede van die Reserwebank in ag geneem is, het die gemiddelde daaglikse vlak van *akkommodasie* by die diskontovenster egter matig gebly en van R1,0 miljard tot R1,5 miljard in die eerste vyf maande van 1991 gewissel.


Die verruiming van die toestande in die geldmark gedurende die eerste vyf maande van 1992 kan hoofsaaklik aan 'n toename in die Reserwebank se netto goud- en ander buitelandse reserwes, toegeskryf word, terwyl afnames in regeringsdeposito's by die Reserwebank en in die note in omloop by tye die hoë vlak van likwiditeit onderskraag het. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank (uitgesluit transaksies wat nie die geldmark beïnvloed nie en valutaruiltransaksies) het met nie minder nie as R1,6 miljard gedurende die eerste vyf maande van 1992 gestyg. Die tydelike afname in regeringsdeposito's van die einde van Februarie 1992 tot die einde van April het 'n netto bydrae van R1,5 miljard tot hierdie ruimer toestande gemaak. Bowendien het die vraag na krediet betreklik laag gebly.

Die *Reserwebank* se optrede om die oortollige likwiditeit in die geldmark gedurende die eerste vyf maande van 1992 teen te werk het steeds hoofsaaklik uit buitelandse valutaruiltransaksies met die groter

Kredietverlening aan die private sektor



Regeringsdeposito's (Skatkis-, Betaalmeester-generaal- en Stabilisasierekening) by die Reserwebank



bankinstellings en die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd bestaan. Die gesamentlike aanwending van valutaruilooreenkomste en wissels met 'n kort looptyd het van 'n maksimum uitstaande bedrag van R1,8 miljard in Januarie 1992 tot R3,9 miljard in sowel Maart as April toegeneem. Die Reserwebank het gedurende Maart toegelaat dat R1,0 miljard van sy eie besit aan landbankwissels deur die Landbank afgelos word ten einde die oortollige likwiditeit in die geldmark teen te werk. In Mei 1992 het die Reserwebank hoofsaaklik buitelandse valutaruiltransaksies tot 'n maksimum uitstaande bedrag van R2,2 miljard gebruik om likwiditeit uit die mark te onttrek.

Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank van Januarie 1992 tot Mei 1992 het R9,7 miljard bedra, vergeleke met R2,9 miljard gedurende die eerste vyf maande van 1991. Die Bank se transaksies in opsies in staatseffekte het ook van 'n maandelikse gemiddeld van R2,0 miljard in 1991 tot 'n maandelikse gemiddeld van R4,4 miljard in die eerste vyf maande van 1992 gestyg.

Die bedrag aan skatkiswissels wat met die weeklikse tender aangebied word, is van R150 miljoen op 25 Oktober 1991 tot R200 miljoen op 1 November 1991 verhoog. Van 20 Maart 1992 het die Reserwebank hierdie bedrag aan skatkiswissels van drie maande wat uitgereik word tot R100 miljoen verminder, maar skatkiswissels met looptye van ses en nege maande

ten bedrae van R50 miljoen elk uitgereik. Laasgenoemde tipe skatkiswissels is albei sedert 3 April tot bedrae van R100 miljoen verhoog wat die totale bedrag aan skatkiswissels wat weekliks uitgereik word op R300 miljoen te staan gebring het. Die uitreiking van addisionele skatkiswissels met looptye van ses en nege maande is in gebruik geneem ten einde:

- die mark vir skatkiswissels verder te ontwikkel;
- 'n instrument te skep met die doel om die geldmark te beïnvloed deur middel van terugkoop- en omgekeerde terugkooporeenkomste; en
- die skynbare vraag na geldmarkinstrumente met 'n langer looptyd, bykomend tot die bestaande verhandelbare depositosertifikate, te bevredig.

Op 5 Junie 1992 het die President van die Reserwebank bykomende maatstawwe aangekondig om die oormatige likwiditeit in die geldmark te akkommodeer. Hierdie maatstawwe het bestaan uit:


- die uitgifte van spesiale Reserwebankwissels met 'n looptyd van nege maande;
- 'n verdubbeling van die limiete op die buitelandse valutabesit van gemagtigde valutahandelaars van \$316 miljoen tot \$632 miljoen; en
- die instelling van 'n spesiale kontantreserwevereiste gelyk aan 1 persent van die korttermynverpligtinge teenoor die publiek van deposisionemende instellings. Dit het die totale kontantreserwevereistes van deposisionemende instellings op 5 persent van hulle korttermynverpligtinge te staan gebring. Vir die eerste keer sal die Reserwebank ook rente op kontantreserwes betaal, naamlik teen 'n koers van 0,50 persent onder die koers van die weeklikse tender van skatkiswissels op die bykomende 1 persent kontantreserwevereiste.

Die President het ook vermeld dat regeringseffekte uitgereik mag word deur die Reserwebank wat die leningsbehoefte mag oorskry wat in die Begroting aangetoon is indien die likwiditeit in die mark of die behoeftes van die regering dit nodig mag maak.

Geldmarkrentekoerse

Die geleidelike daling van die meeste geldmarkrentekoerse wat in Februarie 1990 begin het, het dwarsdeur 1991 voortgeduur en in 1992 merkbare momentum opgebou. Dit word duidelik in die koers op *likwiede bankaksepte van drie maande* weerspieël wat met 2,20 persentasiepunte afgeneem het om 16,40 persent aan die einde van Desember 1991 te bereik; in die eerste drie maande van 1992 het hierdie koers teen 'n vinniger tempo afgeneem en met 0,60 persentasiepunte tot 15,80 persent op 21 Maart 1992 gedaal. Hierdie skerp afwaartse neiging in geldmarkrentekoerse kan toegeskryf word aan toenemende verwagtings van 'n laer Bankkoers, 'n toename in geldmarklikwiditeit en 'n algemene verlangsamings in die vraag na fondse deur die private sektor.

Korttermynrentekoerse



Nadat die Reserwebank sy herverdiskonterings- en ander uitleenkoerse met 1 persentasiepunt (met die uitsondering van die herverdiskonteringskoers op likwiede bankaksepte wat met slegs 0,50 persentasiepunte verlaag is) op 23 Maart 1992 verlaag het, het geldmarkkoerse oor die algemeen hul daling voortgesit. Die koers op likwiede bankaksepte van drie maande het met 'n verdere 0,35 persentasiepunte tot aan die einde van Maart 1992 gedaal, en daarna met 'n verdere 0,95 persentasiepunte afgeneem om op 14,50 persent aan die einde van Mei 1992 te staan te kom. Op hierdie vlak was die koers op bankaksepte van drie maande 2,50 persentasiepunte onder die Reserwebank se herverdiskonteringskoers vir sodanige aksepte wat die mark se verwagting van 'n verdere vermindering in die Bankkoers weerspieël.

Die meeste *ander geldmarkkoerse* het 'n soortgelyke dalende neiging getoon. Die koers op skatkiswissels van drie maande het van 18,0 persent aan die begin van Januarie 1990 tot 16,13 persent aan die einde van Desember 1991 en verder tot 13,97 persent aan die einde van Mei 1992 gedaal. Die koerse op die nuwe ses- en nege-maandeskatkisswissels het sedert hul inwerkingtreding op 23 Maart 1992 van 14,88 en 14,33 persent onderskeidelik tot 13,57 en 13,10 persent aan die einde van Mei 1992 afgeneem. Die koerse op ander langer termyn geldmarkinstrumente, soos die ses- en nege-maande verhandelbare depositosertifikate, het ook redelik vinnig afgeneem.


In reaksie op die laer Bankkoers, is die *primakoers* op oortrekkings van deponerende instellings op 1 April 1992 van 20,25 tot 19,25 persent verlaag. Dit het tot die inflasie-aangepaste prima-uitleenkoers se daling van 3,5 persent in Desember 1991 tot 3,2 persent in April 1992 bygedra.

Kapitaalmarktgebeure

Nadat die waarde van handelsbedrywighede op die *sekondêre kapitaalmarkt* gedurende die vierde kwartaal van 1991 matig afgeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1992 merkbaar herstel. Dit was die resultaat van 'n toename in die volume van bedrywigheid en die voortgesette hoë vlak van pryse op hierdie markte. Teen die einde van die eerste kwartaal van 1992 en bykans deur die hele April het aandelepryse ietwat verswak en langtermyn-opbrengs- en rentekoerse effens gedaal. Teen die einde van April het aandelepryse weer begin herstel, maar die groot getal openbare vakansiedae (slegs negentien handelsdae in April) was verantwoordelik vir 'n skerp afname in die gemete waarde en die volume van handelsbedrywigheid in die kapitaalmarkt in hierdie maand.

Die waarde van die *effekte van die openbare sektor* wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, wat vanaf R65,9 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot R60,0 miljard in die vierde kwartaal teruggesak het, het in die eerste kwartaal van 1992 aansienlik toegeneem tot 'n rekord-hoogtepunt van R89,5 miljard, of tot 'n vlak 43,7 persent

Effektebeurstransaksies



bokant die gemiddelde kwartaallike vlak in die voorafgaande jaar. Hierdie hoë omset het hoofsaaklik berus op verwagtings van 'n afname in die opbrengskoerse op langtermyn vaste-rentedraende effekte. In Maart 1992 het die waarde van transaksies in effekte van die openbare sektor die hoogste maandelikse vlak nog bereik, naamlik R39,8 miljard, voordat dit as gevolg van bogenoemde seisoenale faktore tot R22,6 miljard in April afgeneem het.

Die waarde van *aandele* wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het eweneens ietwat in die eerste kwartaal van 1992 herstel. Die omset van aandele wat skerp van R6,4 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot R4,9 miljard in die vierde kwartaal gedaal het, het in die eerste kwartaal van 1992 tot R5,5 miljard toegeneem. Die toename in hierdie omset kan toegeskryf word aan 'n effense styging in die hoeveelheid aandele wat in die eerste kwartaal van 1992 verhandel is en wat die marginale afname in die gemiddelde aandelepryse in Februarie en Maart 1992 oortref het.

Die maandelikse gemiddelde *prysvlak van aandele* het in Januarie 1992 'n historiese hoogtepunt bereik hoofsaaklik vanweë 'n aansienlike styging in die pryse van aandele in die finansiële en die nywerheidsektor. Nadat die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele met 37,1 persent van Januarie 1991 tot Januarie 1992 toegeneem het, het dit verder van Januarie 1992 tot April met 6,7 persent teruggedak; hierdie verlangsamings het in al die hoofkategorieë van aandele voorgekom en het met 'n daling in sommige van die vernaamste effektebeurse van die wêreld verband gehou. Laer goudpryse en die mark se toenemende besorgdheid oor die winsgewendheid van sekere goudmyne het tot 'n daling van 18,8 persent in die aandelepryse van goudmyne van Januarie 1992 tot April gelei. Die pryse van nywerheids- en handelsaandele en finansiële aandele het oor dieselfde periode onderskeidelik met 4,9 en 5,7 persent afgeneem. Effens beter vooruitsigte vir internasionale ekonomiese groei, meer stabiele en positiewe handelstoestande op die groter effektebeurse van die wêreld en 'n afname in binnelandse rentekoerse, het die aandelemark daarna begin steun en aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs het teen die einde van April begin herstel.

Nie-inwoners het in die eerste kwartaal van 1992 netto verkopers van aandele en netto aankopers van effekte op die Johannesburgse Effektebeurs gebly. Hoewel die uitsonderlike opbrengs wat die aandelemark gedurende 1991 gebied het in die eerste kwartaal van 1992 sywaarts beweeg het, het die effektemark steeds aan nie-inwoners uitstekende opbrengste gebied. Die beduidende verswakking van die finansiële rand en laer aandelepryse het tot 'n afname in nie-inwoners se netto verkope van aandele van R1 134 miljoen in die vierde kwartaal

van 1991 tot R695 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 gelei; hulle netto aankope van effekte van die openbare sektor het oor dieselfde tydperk van R616 miljoen tot R823 miljoen gestyg. Nadat hulle netto verkopers van aandele en effekte teen 'n kwartaallike gemiddelde van R500 miljoen vir vyf opeenvolgende kwartale was, het nie-inwoners in die eerste kwartaal van 1992 netto aankopers van sekuriteite ter waarde van R127 miljoen geword. In April 1992 was nie-inwoners weer eens netto verkopers van sekuriteite ten bedrae van R37 miljoen as gevolg van 'n skerper afname in hul netto aankope van effekte van die openbare sektor as in hul verkope van aandele.


Die vlak van bedrywigheid in die *primêre kapitaalmarkte* het oor die algemeen betreklik hoog gebly. In ooreenstemming met die normale seisoenale patroon gedurende die verloop van 'n fiskale jaar, het die bedrag aan fondse wat deur leners in die openbare sektor deur die uitreiking van nuwe uitgiftes van *vaste-rentedraende effekte* opgeneem is, egter afgeneem; die gemiddelde maandelikse waarde van hierdie uitgiftes het van R1,6 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R0,2 miljard in die eerste kwartaal van 1992 gedaal.

Die waarde van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte (insluitende omskepbare voorkeuraandele en skuldbriewe) deur die genoteerde maatskappye in die *private sektor* het beduidend van 'n maandelikse gemiddelde van R149 miljoen in die vierde kwartaal van 1991 tot R446 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem. 'n Rekordbedrag van R1,0 miljard in die vorm van omskepbare skuldbriewe is gedurende Februarie 1992 deur 'n enkele maatskappy opgeneem.

Die waarde van nuwe uitgiftes van *gewone aandele* deur genoteerde maatskappye in die private sektor het van 'n maandelikse gemiddelde van R862 miljoen in die vierde kwartaal van 1991 tot R1,3 miljard in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem. Die waarde van nuwe uitgiftes van gewone aandele het in Januarie alleen R4,3 miljard beloop, waarvan R2,0 miljard deur houer- en filiaalmaatskappye opgeneem is. Die groot bedrag aan fondse wat op hierdie wyse opgeneem word, beklemtoon weer die feit dat die betreklik hoë koste van geleende fondse en die tekort aan goeie gehalte aandele steeds aandelekapitaaluitgiftes begunstig.

In die *verbandmark* het die depositonemende instellings en onderlinge bouverenigings se toename in besit aan verbandlenings effens van 'n maandelikse gemiddelde bedrag van R874 miljoen in die vierde kwartaal van 1991 tot R921 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem. Die totale besit aan verbandlenings deur die depositonemende instellings, onderlinge bouverenigings, die Landbank en deelnemingsverbandskemas het van R72 miljard in die derde kwartaal tot R75 miljard in die

Transaksies in vaste eiendom



vierde kwartaal van 1991 toegeneem.

Die seisoensaangesuiwerde waarde van *transaksies in vaste eiendom* het marginaal van 'n indrukwekkende R7,3 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot R7,1 miljard in sowel die vierde kwartaal van 1991 as in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem.

Die totale waarde van transaksies in *termynkontrakte* het aansienlik van 'n betreklik lae R5,0 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot R9,1 miljard in die eerste kwartaal van 1992 toegeneem. Teen 'n maandelikse waarde van R3,8 miljard is 'n rekord-hoogtepunt in hierdie transaksies in Maart 1992 bereik, voordat dit tot R2,3 miljard in April afgeneem het. Die betekenisvolle toename in die bedrywighede op die termynbeurs gedurende die eerste kwartaal van 1992 kan toegeskryf word aan toenemend uiteenlopende menings oor die toekomstige verloop van die effektebeurs en 'n toename in waargenome risiko's wat aan die uitslag van die referendum gekoppel is. Kontrakte in aandeelindekse het 80 persent van die totale waarde van termynkontrakte in die eerste kwartaal van 1992 verteenwoordig.

Nadat die *Verhandelbare Opsiemark* op 24 Januarie 1992 in werking gekom het, was bedrywighede aanvanklik in Februarie redelik lewendig maar het daarna toenemend in die daaropvolgende twee maande verswak: die 395 kontrakte met 'n onderliggende waarde van R3,6 miljoen in

Februarie 1992 het tot 40 kontrakte met 'n onderliggende waarde van R0,4 miljoen in April afgeneem. Hierdie trae vertoning was waarskynlik deels die gevolg van beleggers se onvertroudeheid met die nuwe mark, die herstel van die aandelemark en die algemeen laer vlakke van bedrywighede op die kapitaalmark gedurende April 1992.

Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark


Die *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* wat in die laaste kwartaal van 1991 begin afneem het, het in die eerste vier maande van 1992 verder gedaal. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 'n laagtepunt van 15,6 persent in Februarie en Maart 1991 skerp tot 17,2 persent in Oktober toegeneem; daarna het dit egter afwaarts begin beweeg tot 16,6 persent in Januarie 1992, tot 16,9 persent in Februarie verstewig en tot 16,3 persent in April teruggesak. Op hierdie vlak het die reële opbrengskoers op langtermynstaatseffekte die lae koers van slegs 0,6 persent in April bedra.

Die depositonemende instellings se oorheersende koers op *huisverbandlenings* wat in Oktober 1991 met 0,25 persentasiepunte verhoog is in reaksie op die instelling van die belasting op finansiële instellings in die plek van belasting op toegevoegde waarde, is met ingang van 2 Maart 1992 met 1,0 persentasiepunt tot 19,0 persent verlaag in 'n poging om 'n verlaging van die Bankkoers vooruit te loop. Die verlaging in die Bankkoers op 23 Maart het dus geen verdere uitwerking op die verbandkoerse gehad nie. In Mei het depositonemende instellings 'n verdere verlaging in hul oorheersende verbandkoers van 1 persentasiepunt met ingang van 1 Julie 1992 aangekondig.

In reaksie op die verlaging van die Bankkoers, is die *rentekoers op deposito's van twaalf maande* by depositonemende instellings in April 1992 met een persentasiepunt tot 14,5 persent verlaag. Hierdie depositokoerse is reeds aansienlik met nie minder nie as 3,5 persentasiepunte oor die afgelope twee jaar verlaag, terwyl uitleenkoerse nie in dieselfde mate gedaal het nie. Die marge tussen die rentekoers op deposito's van twaalf maande en die oorheersende prima-oortrekkingskoers van verrekeningsbanke het dus van 3 persentasiepunte in Julie 1990 tot 4,75 persentasiepunte in April 1992 vergroot. Teen die huidige vlak lewer die rentekoers op deposito's van twaalf maande 'n negatiewe opbrengs van 0,92 persent aan deposante voordat inkomstebelastingbetalings in ag geneem is.

Die hoër gemiddelde vlak van aandeelpryse in die eerste kwartaal van 1992 het die *dividendopbrengskoers* op alle klasse aandele verder afgedruk van 3,25 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 3,17 persent in die eerste kwartaal van 1992. Die *verdiens-opbrengskoers* op alle klasse aandele uitgesonderd goudmynaandele, het ook van 7,85

Marge tussen prima-oortrekkingskoers en koers op vaste deposito's van twaalf maande



persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 7,58 persent in die eerste kwartaal van 1992 afgeneem as gevolg van hoër gemiddelde aandelepryse en laer winste. Die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het tot 3,36 persent en die verdiensteopbrengskoers tot 7,90 persent in April 1992 verstewig as gevolg van die daling in gemiddelde aandelepryse.

Die maksimum toelaatbare koerse op finansieringskoste, soos dit deur die Woekerwet vasgestel word, is met ingang van 29 Mei 1992 van 29 tot 28 persent vir "groot" en van 32 tot 31 persent vir "klein" geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies verlaag.


Staatsfinansies

Die Skatkisrekening in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1991/92

'n Merkbare afname in die groei van *skatkisuitreikings* is gedurende die Maart- of finale kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 aangeteken. Die koers van toename van jaar tot jaar in die *skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente (ná die gebruikelike aansuiwering vir veranderinge in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) het eers aansienlik van 10,9 persent in die Junie-kwartaal van 1991 tot 20,6 persent in die September-kwartaal gestyg, en daarna effens tot 18,8 persent in die Desember-kwartaal gedaal. In die finale kwartaal van die fiskale jaar het hierdie koers van toename skerp tot 10,6 persent afgeneem.

Die toenamekoers van jaar tot jaar in *skatkisontvangste* (uitgesluit die opbrengs uit privatisering) wat van 2,1 persent in die Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot 9,0 persent en 16,5 persent in die daaropvolgende kwartale toegeneem het, het tot slegs 6,5 persent in die laaste kwartaal afgeneem. Hierdie betreklik lae styging in *skatkisontvangste* was hoofsaaklik te wyte aan die trae toestande in die binnelandse ekonomie. Dit word duidelik weerspieël in die inkomste uit belasting op toegevoegde waarde en algemene verkoopbelasting wat in die finale kwartaal van die fiskale jaar

Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente as persentasie van die bruto binnelandse produk



1991/92 ontvang is, wat 7,6 persent laer was as die inkomste uit algemene verkoopsbelasting in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1990/91. Die lae koers van toename van jaar tot jaar in skatkisontvangste in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1991/92, kon ook toegeskryf word aan 'n afname in die groei in inkomstebelasting wat ontvang is, aangesien die bedrag van voorlopige belasting wat aan die einde van Desember 1991 betaalbaar was maar wat eers in Januarie 1992 ontvang is, baie laer was as die oorloop in die voorafgaande jaar.

Die *skatkisstekort* voor lenings en skuldaflossing het in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 R3 067 miljoen of 4,0 persent van die bruto binnelandse produk bedra. Hierdie tekort is soos volg gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte (insluitende diskonto op nuwe staatseffekte).....	548
Skatkiswissels	-1 838
Buitelandse lenings	3
Nie-bemerkbare obligasies	-13
Afname in beskikbare kontantsaldo's	4 002
Totaal.....	2 702
<i>Plus:</i> Oordragte vanaf die Landsvoorrade-verkrygingsfonds en die Sentrale Engergiefonds.....	809
<i>Min:</i> Diskonto op nuwe staatseffekte.....	-444
Totale finansiering	3 067

Uitslag van die Begroting vir die fiskale jaar 1991/92

Die gerealiseerde uitslag van die Sentrale Regering se finansies vir die fiskale jaar 1991/92 word gekenmerk deur 'n onderskatting van skatkisuitreikings aan staatsdepartemente en 'n oorskotting van staatsinkomste. Dit het natuurlik aanleiding gegee tot 'n tekort voor lenings en skuldaflossing wat heelwat hoër is as die oorspronklike bedrag waarvoor begroot was.


Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente het in die fiskale jaar 1991/92 R86,4 miljard beloop, wat 1,7 persent hoër is as die oorspronklike Begrotingsramings. Hierdie hoër-as-verwagte uitgawes kon hoofsaaklik aan bykomende toewysings vir die opheffing van sosio-ekonomiese agterstande toegeskryf word. Die koers van toename in skatkisuitreikings vir die fiskale jaar 1991/92 het gevolglik 16,1 persent beloop, teenoor die toename van 13,7 persent wat oorspronklik begroot is. Hoewel hierdie koers van toename aansienlik hoër was as die toenamekoers van 13,1 persent vir die fiskale jaar 1990/91 in sy geheel, is dit steeds aansienlik laer as die gemiddelde jaarlikse groeiakoers van bykans 19 persent in die tagtigerjare. In teenstelling met die regering se aanvaarde langtermyn doelstelling om

die verhouding van skatkisuitreikings tot die bruto binnelandse produk te verminder, het hierdie verhouding egter van 27,4 persent in die fiskale jaar 1990/91 tot 28,3 persent in die fiskale jaar 1991/92 gestyg.

Die *totale staatsinkomste* (op 'n basis vergelykbaar met die Begroting) het in die fiskale jaar 1991/92 tot R72,1 miljard gestyg, of met 7,4 persent; die Begroting het 'n toename van 11,1 persent voorsien. Hierdie laer-as-begrote toename in staatsinkomste was R2 785 miljoen of 3,7 persent minder as die oorspronklik begrote bedrag. Die betreklike swak vertoning van staatsinkomste kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die huidige ekonomiese afwaartse fase langer duur as waarvoor voorsiening gemaak is ten tye van die voorbereiding van die Begroting en dat sommige inkomste prysgegee is met die instelling van die belasting op toegevoegde waarde teen 10 persent in plaas van die oorspronklik beplande 12 persent.

Al die belangrikste inkomsteposte, met die uitsondering van doeane- en aksynsreg, het in die fiskale jaar 1991/92 laer-as-verwagte toenames getoon. Die toename wat in doeane- en aksynsreg aangeteken is, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n toename in die brandstofheffing van 10 sent en 8 sent op onderskeidelik petrol en diesel wat vanaf 24 Augustus 1991 ingestel is, en 'n verdere ad valorem-heffing van 2,5 persent op sekere goedere wat op 30 September 1991 in werking getree het.

Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente




	Begrote toename %	Werklike toename %
Totale regeringsinkomste..	11,1	7,4
Doeane- en aksynsreg	-2,3	3,3
Binnelandse inkomste	13,0	8,0
Inkomstebelasting	18,7	14,3
AVB/BTW.....	6,8	1,7


Die verhouding van regeringsinkomste tot die bruto binnelandse produk het vir die tweede agtereenvolgende jaar afgeneem; hierdie verhouding het van 25,7 persent in die fiskale jaar 1989/90 tot 24,7 persent in die fiskale jaar 1990/91 en 23,6 persent in die fiskale jaar 1991/92 gedaal. Hierdie daling het egter hoofsaaklik in die relatiewe bydrae van indirekte belastings plaasgevind, terwyl direkte belastings as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk steeds verder gestyg het. Inkomstebelasting op individue het in die besonder as persentasie van die bruto binnelandse produk feitlik deurlopend van 3,4 persent in die fiskale jaar 1980/81 tot 8,5 persent in die fiskale jaar 1990/91 en verder tot 9,5 persent in die fiskale jaar 1991/92 gestyg.

Die hoër-as-verwagte uitgawes en die laer-as-verwagte inkomste het 'n tekort voor lenings en skuldaflissing van R14 307 miljoen in die fiskale jaar 1991/92 tot gevolg gehad, oftewel 4,7 persent van die bruto binnelandse produk. Hierdie verhou-

Begrote en werklike inkomste



Begrote en werklike inkomste *



* Insluitend oordragte na selfregerende gebiede en TBVC-lande. Fiskale jare.

ding was aansienlik hoër as die begrote raming van 3,4 persent en die verhouding van 2,7 persent in die fiskale jaar 1990/91. Die tekort vir die fiskale jaar 1991/92 is op die volgende wyse gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte (insluitende diskonto op nuwe staatseffekte)	17 838
Skatkiwissels	-129
Buitelandse lenings	549
Nie-bemerkbare obligasies	-77
Toename in beskikbare kontantsaldo's	1 417
Totale finansiering van die Skatkiestekort	19 598
<i>Plus:</i> Oordragte van die Landsvoorrade-verkrygingsfonds en die Sentrale Energiefonds	809
<i>Min</i> oordragte na:	
Herversekeringsfonds vir Uitvoerkrediet en Buitelandse Beleggings	450
Regeringsdienspensioenfonds	1 000
Mielieraad	350
<i>Min:</i> Diskonto op nuwe uitgiftes van staatseffekte	4 300
Totale netto finansiering	<u>14 307</u>

Die Begroting vir 1992/93

In die voorlegging van die Begroting vir die fiskale jaar 1992/93 aan die Parlement op 18 Maart 1992, het die Minister van Finansies verklaar dat die Begroting 'n balans moes vind tussen verwagtings wat toeneem in intensiteit en die land se beperkte finansiële hulpbronne. Hoewel die Begroting 'n spesiale deernis aan die behoeftiges moes toon, moes onverantwoordelike fiskale optredes vermy word en moes dit op die bereiking van standhoudende ekonomiese groei ingestel wees. In die proses om 'n nuwe gemeenskap tot stand te bring, sal fiskale beleid moet voortgaan om die tema: "gelykberegting deur groei en stabiliteit" te weerspieël.

Die uitgewekant van die Begroting het dus weer eens voorsiening gemaak vir aanmerklike verhogings in die uitgawes op sosio-ekonomiese dienste. In 'n poging om sekere belangrike onewewigtighede aan te spreek, het die Minister verdere groot stygings van 24 persent aan onderwys, 22 persent aan gesondheid en 22 persent aan behuising aangekondig. In teenstelling met hierdie hoë koerse van toenames, word voorsien dat uitgawes op Verdediging slegs met 5,6 persent sal styg. In die lig van die hoë voorkoms van misdaad en geweld, moes die grootste gedeelte van hierdie besparings op uitgawes hertoegedeel word aan polisiering, regspleging en korrektiewe dienste. In ooreenstemming met hierdie behoefte is 'n totale bedrag van R5 645 miljoen vir die instandhouding van binnelandse polisiedienste aanbeveel.

'n Bedrag van R2 029 miljoen is in die Begroting vir die fiskale jaar 1992/93 vir die finansiering van

uitvoeraansporings opsygesit. Van hierdie bedrag is nie minder nie as R872 miljoen vir die aflossing van promesses wat onder die ou uitvoeraansporingskema uitgereik was, bestem.

Die groot leningsbehoefte van die Sentrale Regering, wat deels die gevolg is van die ongesonde finansiële praktyke om lopende besteding deur middel van 'n toename in staatskuld te finansier en die hoë vlak van nominale rentekoerse, het aanleiding gegee tot 'n toename van 17,1 persent in uitgawes op die koste van skuld. Dit het die koste van skuld op nie minder nie as 16,2 persent van die totale besteding in die fiskale jaar 1992/93 te staan gebring. In teenstelling met die twee voorafgaande jare, het hierdie Begroting nie vir 'n gebeurlikheidsreserwe vir bykomstige uitgawes voorsiening gemaak nie, maar is daar eerder bepaalde reserwes geskep. Hierdie bepaalde reserwes het R1 250 miljoen bedra, wat R1 000 miljoen vir droogteramp en R250 miljoen vir afleggingskoste insluit. Vervolgens het die Minister van Landbou en van Landbou-ontwikkeling op 7 Mei 1992 aangekondig dat 'n bedrag wat R3 826 miljoen bedra vir droogte-hulp toegestaan gaan word. Hierdie bedrag sluit die R1 miljard in wat as 'n geteikende reserwe opsy gesit is. Die oorblywende gedeelte van hierdie bedrag (R2 826 miljoen) sal oor die volgende drie fiskale jare versprei word.

Gevolglik is beraam dat totale staatsbesteding met 16,5 persent tot R100,7 miljard vir die fiskale jaar in sy geheel sou toeneem. Dit kan tot gevolg hê dat skatkiuitreikings aan staatsdepartemente tot 29,2 persent van die bruto binnelandse produk kan toeneem. Totale gewone staatsinkomste is in die fiskale jaar 1992/93 begroot om met 15,7 persent tot R84,8 miljard te styg. Nadat dit vir twee jaar gedaal het, behoort dit aanleiding te gee tot 'n styging in die totale gewone staatsinkomste as 'n verhouding tot die bruto binnelandse produk tot 24,5 persent.

Die hoofkenmerke aan die inkomstekant van die Begroting bestaan uit:

- Belastingverligting aan die persone wat die ergste getref word deur fiskale sloering, vir getroude vroue en vir bejaardes. Hoewel hierdie toegewings aanleiding gee tot 'n afname van R1,4 miljard op individuele belasting, styg die verwagte inkomste uit inkomstebelasting op individue nietemin met 22,3 persent.
- Die ad valorem-aksynsreg wat op 30 September 1991 ingestel is, is omskep in 'n ekwivalente bepaalde reg en sekere spesifieke aksynsregte is ook verhoog. Die totale inkomste uit die verhogings van aksynsreg word op R295 miljoen geraam.
- 'n Toename van 8 sent per liter in die heffing op petrol en van 6 sent per liter op diesel, terwyl die dieselkorting vir boere met 2 sent per liter verhoog word.
- Hereregte en seëlregte op bankdebette word verhoog.

– Verdere vooruitgang is gemaak met die uitfasering van die toeslag op nie-goudmynmaatskappye en die formulekoers vir goudmyne is afwaarts aangepas om dit meer in ooreenstemming met die maatskappybelastingkoers te bring.

Geen nuwe voorstelle is gemaak in die geval van nie-mynboumaatskappye nie en daar word geraam dat hierdie bron van inkomste in die fiskale jaar 1992/93 slegs matig met 7,2 persent sal groei. Die inkomste wat uit belasting op toegevoegde waarde verkry word, sal na raming in die fiskale jaar met 9,9 persent toeneem, maar die tydelike vrystelling van hierdie belasting op sekere uitgesoekte voedselsoorte wat op 31 Maart 1992 moes verval, is intussen onbepaald uitgestel.

Opsomming van die 1992/93 begroting

	Begroting 1992/93	
	R miljoene	Persentasie toename
Totale staatsbesteding	100 679	16,5
Totale staatsinkomste.....	84 749	15,7
Doeane- en aksynsreg	11 223	28,4
Binnelandse inkomste ...	73 526	14,0
Inkomstebelasting	48 867	16,7
AVB/BTW.....	20 225	9,9
Ander.....	4 435	5,4
Begrotingstekort voor lenings.	15 927	
Tekort as % van BBP.....	4,5	

As gevolg van 'n vinniger styging in begrote uitgawes as in begrote inkomste, word die tekort voor lenings en skuldaflodings op R15 927 miljoen geraam, of 4,5 persent van die geraamde bruto binnelandse produk. Hierdie tekort sal soos volg gefinansier word:

	R miljoen
Staatseffekte	13 023
Obligasies.....	-66
Buitelandse lenings	351
Totaal.....	13 308
Plus: Oordragte vanaf Landsvoorrade- verkrygingsfonds en die Sentrale Energiefonds	1 600
Verandering in kontantsaldo's.....	1 019
Totale finansiering	15 927

Skatkisrekening in April 1992

In April 1992 was die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (na die gebruikelike aansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) 10,3 persent hoër as in April 1991. Skatkisontvangste het ook teen 'n koers wat baie laer is as die begrote syfer toegeneem, en in vergelyking met dieselfde maand in die voorafgaande jaar met slegs 2,4 persent in April 1992 gestyg. Die tekort voor lenings en skuldaflissing het R3 212 miljoen in April 1992 bedra.

Verklaring oor monetêre beleid

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

20 Maart 1992

1. Agtergrond

Oor die afgelope jaar is verdere vordering gemaak met die daarstelling van 'n omgewing van finansiële stabiliteit in Suid-Afrika. So 'n omgewing is 'n noodsaaklike voorvereiste vir volgehoue ekonomiese groei oor die lang termyn.

Die volgende vordering is in die binnelandse finansiële toestand gemaak:

- Die groeikoers in die M3-geldvoorraad het van 27 persent in 1988 tot 22 persent in 1989, 12 persent in 1990 en 10,8 persent oor die twaalf-maande tydperk vanaf Februarie 1991 tot Februarie 1992 verlangsaam — dit is sedert die nuwe Wet op Depositone-mende Instellings 'n nuwe basis vir bankstatistiek daargestel het.
- Die koers van toename in totale kredietverlening deur die banksektor aan die private sektor het insge-lyks van 28 persent in 1988 tot 20 persent in 1989, 16 persent in 1990 en teen 'n geraamde jaarkoers van 10,9 persent oor die elf-maande tydperk van Februarie tot Januarie 1992 gedaal.

Ontwikkelings gedurende 1991 in die belangrikste komponente van die betalingsbalans het tot meer stabiele finansiële toestande bygedra — ook in Suid-Afrika se internasionale finansiële verhoudinge:

- Die oorskot op die lopende rekening het verder van R5,8 miljard in 1990 tot R7,4 miljard toegeneem.
- Oor die algemeen het die netto onttrekking van buitelandse fondse uit Suid-Afrika aansienlik oor die afgelope twee jaar afgeneem. 'n Merkbare omskake-ling van buitelandse handelsfinansiering van buitelandse na binnelandse bankbronne in die vierde kwartaal van verlede jaar, het egter veroor-saak dat die totale netto uitvloeiing van kapitaal van R2,9 miljard in 1990 tot R6,1 miljard in 1991 gestyg het.
- Met 'n oorskot op die lopende rekening wat die netto uitvloeiing van kapitaal oorskry het, het die land se netto goud- en buitelandse valuta-reserwes 'n verdere toename van R1,4 miljard in 1991 getoon. Gedurende die eerste twee maande van 1992 het die Reserwebank se netto goud- en buitelandse valuta-reserwes met 'n verdere R1,4 miljard gestyg.
- Die effektiewe wisselkoers van die rand het betreklik stabiel gebly en die gemiddelde geweegde waarde van die rand teenoor 'n mandjie van geldeen-hede van Suid-Afrika se belangrikste han-

delsvennootlande het gedurende 1991 met 6,3 persent in nominale terme gededesieer. Dit is ietwat minder as die inflasie-differensiaal tussen Suid-Afrika en hierdie lande, met die gevolg dat die wisselkoers in reële terme effens geappresieer het.

Teen hierdie agtergrond van groter stabiliteit in beide die binnelandse en internasionale finansiële toestande is dit teleurstellend dat die inflasiekoers hardnekkig op 'n onaanvaarbare hoë vlak gebly het:

- Die jaar-tot-jaar koers van toename in die verbruikersprysindeks het marginaal van 14,4 persent in 1990 tot 15,3 persent in 1991 gestyg. Hierdie indeks was in Januarie 1992 16,2 persent bo die vlak van 'n jaar gelede.
- Die vertoning van die produksieprysindeks gee egter meer rede tot tevredenheid. Die jaar-tot-jaar koers van toename in die totale produksieprys-indeks het van 15,2 persent in 1989 tot 12,0 persent in 1990 en tot 11,4 persent in 1991 gedaal.

2. Monetêre beleid in 1992

Onlangse ontwikkelings in die finansiële toestande is bemoedigend maar bied geen afdoende regver-diging vir 'n algemene verslapping in monetêre beleid nie. Op hierdie tydstip is dit belangrik dat beleidsveranderings nie slegs die korttermyn-konjunktuurprobleme van die Suid-Afrikaanse eko-nomie in aanmerking neem nie, maar ook die behoefte aan langtermynstruktuuraanpassings moet akkommodeer.

Monetêre beleid vir 1992 moet ook die verwagte ontwikkelings in fiskale beleid vir die jaar in aanmer-king neem. Nieteenstaande buitengewoon moeilike omstandighede, maak die Begroting wat Woensdag deur die Minister van Finansies aangebied is, voorsiening vir die nie-inflasionistiese finansiering van 'n betreklike groot tekort voor lenings. Die behoefte aan finansiële dissipline gemik op makro-ekonomiese stabiliteit is weer eens beklemtoon en neigings in die belangrikste komponente van die Begroting het die noodsaaklikheid vir die handha-wing van 'n betreklik beperkende monetêre beleid herbevestig.

Laastens sal politieke ontwikkelings in Suid-Afrika gedurende die res van hierdie jaar, net soos in die afgelope paar jaar, 'n wesenlike invloed op finansiële toestande hê, veral in soverre dit die betalingsbalans sal beïnvloed. Die uitslag van hierdie week se referendum sal ongetwyfeld die normaliseringsproses van Suid-Afrika se inter-

nasionale ekonomiese verhoudings, wat alreeds aan die gang is, verhaas.

Per saldo en met inagneming van die jongste beskikbare gegewens oor die huidige ekonomiese toestand, is die Reserwebank van mening dat 'n marginale verlaging van rentekoerse in hierdie stadium regverdig kan word. Die monetêre owerhede sal egter versigtig moet wees om nie inflasie met enige oormatige monetêre uitbreiding te herstimuleer nie. Die aanpassings in monetêre beleid wat vandag aangekondig word, het daarom ten doel om erkenning te verleen aan die vordering wat tot dusver gemaak is in ons pogings om die onderliggende inflasionêre druk in die ekonomie te verminder, sonder om die finansiële dissiplines wat nodig is om die nominale inflasiekoers tot 'n meer aanvaarbare vlak af te bring, oorboord te gooi.

3. Geldvoorraadriglyne vir 1992

Verlede jaar is riglyne van tussen 8 en 12 persent aangekondig as 'n toepaslike koers van toename in die M3-geldvoorraad vanaf die gemiddelde vlak van die vierde kwartaal van 1990 tot die vierde kwartaal van 1991. Die geldvoorraad het in werklikheid oor hierdie tydperk met 14,8 persent toegeneem. Monetêre statistiek is egter verwring deur die daarstelling van 'n nuwe basis vir bankstatistiek met die inwerkingtreëning van die nuwe Wet op Deposito-nemende Instellings op 1 Februarie 1991 en wat tot die oordrag van bestaande buite-balansstaatposte terug na die balansstate van monetêre instellings gelei het. Vanaf die einde van Februarie 1991 tot die einde van Februarie 1992 (voorlopige syfer) het die groeikoers in M3 slegs 10,8 persent beloop, wat goed binne die riglynmarge vir 1991 is.

In die lig van die behoefte aan die voortsetting van 'n betreklik beperkende monetêre beleid en in afwagting van meer sigbare resultate in die stryd teen inflasie, is die Reserwebank van mening dat die huidige koers van uitbreiding in die geldvoorraad, dit is ongeveer 10 persent per jaar, vir 1992 behou behoort te word. Teen hierdie vlak, is die groeikoers in M3 aansienlik laer as die heersende inflasiekoers en sal die bestaande afwaartse druk op inflasie deur monetêre beleid volgehou word.

Ná die gebruikelike oorlegpleging met die Minister van Finansies het die Reserwebank derhalwe besluit om riglyne van tussen 7 en 10 persent as 'n aanneemlike groeikoers in die M3-geldvoorraad vanaf die vierde kwartaal van 1991 tot die vierde kwartaal van 1992 vas te stel. Dit is die laagste vlak van riglynkoerse vir die geldvoorraad wat nog aanvaar is sedert die Reserwebank in 1986 vir die eerste keer mikpunte vir hierdie doel gestel het. Hierdie stap bevestig dus die vasbeslotenheid van die owerhede om met 'n betreklik beperkende monetêre beleid te volhard ten einde die onaanvaarbare hoë inflasiekoers in Suid-Afrika geleidelik te verminder.

In die besluit oor hierdie redelik beperkte ruimte vir die toename in die geldvoorraad in 1992, is ook met die betreklik lae omloopsnelheid van die geldvoorraad in 1991 en met die aansienlike toenames in likwiditeit in die onlangse maande, onder andere as gevolg van die voortgesette styging in die netto goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank, rekening gehou. Hierdie verwickelings laat ruim geleentheid vir toenames in totale monetêre vraag sonder enige oormatige opwaartse druk op rentekoerse. Die riglyne vir 1992 behoort daarom tot die doelwit van groter finansiële stabiliteit by te dra sonder om ekonomiese groei oormatig te beperk.

4. Valutabeheermaatreëls

Met die instelling van ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika en die onttrekking van buitelandse beleggings en leningsfondse aan die land in die middel-tagtigerjare, is verskeie valutabeheermaatreëls ingestel met die doel om die land se goud- en ander buitelandse reserwes te beskerm. Die bedrag aan buitelandse leningsfondse wat oorspronklik in terme van die Skuldstilstandreëlings van 1 September 1985 in Suid-Afrika geblokkeer is, is geleidelik van die oorspronklike bedrag van VSA \$13,6 miljard tot minder as \$6 miljard in hierdie stadium verminder. Die huidige Derde Tussentydse Skuldreëlings met buitelandse krediteure moet voor die einde van 1993 heronderhandel word, wanneer die uitstaande bedrag ongeveer \$5 miljard sal beloop.

Die finansiële-randstelsel wat in Februarie 1983 afgeskaf is, en op 1 September 1985 as deel van die verskerpte valutabeheerbeleid heringestel is, laat nie die repatriasie van buitelandse ekwiteitsbeleggings uit Suid-Afrika ten koste van die land se amptelike goud- en ander buitelandse bates toe nie. Hierdie stelsel het bygedra tot die beskerming van die betalingsbalans en die binnelandse ekonomie teen die nadelige uitwerking van disinvesteringstransaksies, maar het ook aansienlike administratiewe probleme veroorsaak. Dit het kwaadwillige oortredings en misbruik van die stelsel aangemoedig en sommige potensiële buitelandse beleggers afgeskrik om in Suid-Afrika te belê.

Soos sanksies nou opgehef word, behoort onnodige valutabeheermaatreëls ook uitgefaseer te word. 'n Stadium waar die finansiële-randstelsel opgehef kan word is egter nog nie bereik nie. Die Minister van Finansies het egter met 'n voorstel van die Reserwebank saamgestem vir 'n mate van aktiewe intervensie deur die Bank se Departement Goud en Buitelandse Valuta in die mark vir finansiële rand op dieselfde wyse as wat die Bank reeds in die mark vir kommersiële rand optree.

Vanaf Maandag 23 Maart 1992 sal die Bank volgens sy oordeel met betrekking tot die tydsberekening van transaksies en die bedrae betrokke,

bereid wees om koop- en verkooptransaksies in finansiële rand teenoor VSA-dollar met Suid-Afrikaanse gemagtigde valutahandelaars aan te gaan. Die wisselkoers vir sodanige transaksies sal deur die Reserwebank bepaal word en sal verband hou met die heersende finansiële-rand/VSA-dollar wisselkoers in die mark.

Die Bank sal deur sy intervensie in staat gestel word om 'n mate van invloed op die toekomstige ontwikkelinge in hierdie mark uit te oefen met die volgende voordele:

- Die totale aanbod van finansiële rand sal geleidelik verminder word, dit is indien die Reserwebank oor tyd 'n netto aankoper van finansiële rand blyk te wees.
- Die Reserwebank se intervensie mag 'n kleiner diskonto tussen die finansiële rand en die kommersiële rand teweegbring. Die Bank het egter nie 'n vooropgestelde mikpuntgrens vir hierdie diskonto nie en mag homself by tye selfs ten volle aan die mark onttrek. Die Bank se optrede in hierdie mark sal eerder bepaal word deur die koers van toename in sy buitelandse valutareserwes.
- Intervensie deur die Reserwebank in die mark vir finansiële rand kan ook tot groter stabiliteit in hierdie mark lei, veral in die wisselkoers van die finansiële rand. Die groot skommelings in hierdie wisselkoers het in die verlede baie buitelandse beleggers afgeskrik om in Suid-Afrikaanse aandele te belê.
- Die aanwending van 'n gedeelte van enige verdere toename in die goud- en buitelandse reserwes vir hierdie doel voorsien 'n nuttige bykomende instrument wat deur die Reserwebank gebruik kan word om neigings in totale binnelandse likwiditeit te reguleer.
- Buitelandse krediteure wat eise binne die skuldstilstandnet teenoor Suid-Afrikaanse leners hou, het die reg om hierdie eise na finansiële rand teen die heersende kommersiële-randwisselkoers om te skakel en die verkrygte finansiële rand aan nie-inwoners vir buitelandse valuta te verkoop. Kragtens die nuwe reëlings sal dit vir hulle moontlik wees om sodanige saldo's onregstreeks deur gemagtigde handelaars in buitelandse valuta aan die Reserwebank te verkoop. In die mate waartoe buitelandse krediteure van hierdie fasiliteit gebruik maak, sal die oorblywende saldo binne die skuldstilstandnet natuurlik verminder word.

Die intervensietransaksies deur die Reserwebank in die finansiële-randmark sal op winste en/of verliese uitloop afhangend van bewegings in die wisselkoers en in die diskonto tussen die finansiële-

en kommersiële-randwisselkoerse. Daar is met die Minister van Finansies ooreengekom dat sodanige winste en/of verliese na die Termynvaluta-gebeurlikheidsreserwerekening van die Tesourie by die Reserwebank oorgedra sal word.

Die Bank se Departement Deviesebeheer en die Departement Goud en Buitelandse Valuta sal binne die volgende paar dae verdere tegniese en administratiewe reëlings in hierdie verband deur middel van omsendbriewe aan alle gemagtigde handelaars in buitelandse valuta in Suid-Afrika voorsien.

5. Rentekoerse

Sedert die Reserwebank sy Bankkoers op 11 Maart 1991 van 18 na 17 persent verlaag het, het die Reserwebank toegelaat dat geldmarkrentekoerse geleidelik afwaarts sweef. Die koers op likwiede bankaksepte van drie maande het gevolglik stadig vanaf 17,40 persent op 11 Maart 1991 tot 15,80 persent op 20 Maart 1992 gedaal. Die koers op Skatkiswissels met 'n looptyd van 91 dae het terselfdertyd van 17,04 persent in Maart 1991 tot 15,48 persent op 20 Maart 1992 gedaal.

Hierdie laer rentekoerse het gepaard gegaan met 'n algemene uitbreiding in likwiditeit wat verband hou met volgehoue toenames in die netto goud- en ander buitelandse bates van die Reserwebank en 'n geleidelike daling in die koers van toename in binnelandse bankkredietverlening. Die Reserwebank het wel van tyd tot tyd deur sy geldmarktransaksies en deur die gebruikmaking van korttermyn rand-vir-dollar ruiltransaksies die uitbreiding in likwiditeit teengewerk, maar was in die algemeen tevrede met die geleidelike verruiming van geldmarktoestande.

'n Stadium is nou bereik waar die Bank óf doelbewus sal moet optree om hierdie neiging in die markte om te keer óf om die veranderde toestande te onderskryf deur die Bankkoers te verlaag. Ná versigtige oorweging van die jongste verloop in die finansiële groothede soos die geldvoorraad, bankkredietverlening, die goud- en ander buitelandse bates, wisselkoerse en die verbruikers- en produksieprysindekse, en ná die gebruiklike oorlegpleging met die Minister van Finansies, het die Bank besluit om sy Bankkoers en ander rentekoerse vanaf Maandag 23 Maart 1992 soos volg te verlaag:

- Bankkoers, vir die herdiskontering van Skatkiswissels, sal van 17 na 16 persent verminder word.
- Die koers vir die herdiskontering van Landbankwissels sal van 17,15 persent na 16,15 persent verlaag word.
- Die koers vir die herdiskontering van likwiede bankaksepte sal van 17,50 persent na 17 persent verlaag word.

- Die "straf"-koers vir oornaglenings met aanvaarbare ander finansiële papier as onderpand, sal bepaal word teen 'n vaste koers van 1,50 persent bo die heersende prima-oortrekkingskoers van banke.

- Alle ander normale uitleenkoerse van die Reserwebank sal met 1 persent vanaf hul huidige vlakke verlaag word.

Hierdie aanpassings gee terselfdertyd verdere erkenning aan een van die Bank se langer termyn struktuurdoelstellings, naamlik om die Skatkiswissel weer te vestig as die sentrale instrument vir gebruik deur bankinstellings om akkommodasie by die Reserwebank se diskontovenster te bekom. Hierdie proses is gedurende die afgelope jaar gesteun deur die uitreiking van meer Skatkiswissels as 'n instrument om fondse vir die Regering te bekom. Die totale bedrag aan Skatkiswissels uitstaande het vanaf R2,0 miljard aan die einde van Maart 1991 tot R4,6 miljard aan die einde van Februarie 1992 toegeneem.

In die huidige omstandighede kan dit van die meeste deponemende instellings verwag word om hul uitleenkoerse dienooreenkomstig te verlaag. Daar is egter geen wettlike verpligting op deponemende instellings om alle veranderinge in die Reserwebank se Bankkoers te volg nie. Daar bestaan slegs 'n ongeskrewe konvensie dat die prima-uitleenkoerse van die deponemende instellings nie meer as 3 persentasiepunte bokant die Bankkoers behoort te wees nie. Daar is reeds van hierdie konvensie afgewyk toe die meeste deponemende instellings dit in Oktober 1991 nodig gevind het om hul uitleenkoerse met 0,25 persent te verhoog ten einde 'n nuwe belasting wat deur die Tesourie op bankdienste gehef is, van hulle kliënte te verhaal.

Deponemende instellings is in elk geval vry om hul ander uitleenkoerse na goeddunke volgens hul eie diskresie en oordeel te bepaal. Hierdie koerse sal normaalweg 'n redelik stabiele verwantskap met die Bankkoers behou, veral in omstandighede waar instellings gereeld van die Reserwebank se akkommodasiefasiliteite gebruik maak. Ten einde meer soepelheid aan die markstelsel te verleen, is die Reserwebank in hierdie stadium bereid om die konvensie van 'n vaste verhouding tussen die Bankkoers en die prima-uitleenkoers van deponemende instellings op te hef. Daar word gehoop dat hierdie stap nie tot enige onordelike ontwikkelings in die mark aanleiding sal gee nie, maar die Bank sal verdere samesprekings met deponemende instellings insake die implikasies van hierdie stap hou.

Die verlaging in die Bankkoers na 16 persent, dit is laer as die jongste beskikbare syfer van 16,2 persent vir die styging in die verbruikersprysindeks oor die twaalf maande tot Januarie 1992, kan slegs geregverdig word op die aanname dat inflasie

gedurende die loop van 1992 sal daal. Indien nie, sal die stand van monetêre beleid heroorweeg moet word.

Verklaring oor monetêre beleid

Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

5 Junie 1992

Die Reserwebank se goud- en buitelandse valuta-reserwes het gedurende die eerste vyf maande van 1992 met bykans R2,5 miljard toegeneem. Die netto aankope van goud en buitelandse valuta deur die Bank het geldmarklikwiditeit in totaal verruim. Hoewel die uitbreidende effek van hierdie transaksies op die geldmark gedeeltelik deur die verkoop van Skatkiswissels en staatseffekte vir normale befondsingsdoeleindes van die Tesourie geneutraliseer is, het die totale marktoestand, aangevul deur 'n verdere afname in die vraag na fondse vanuit die private sektor, aansienlik vergemaklik.

Teen dié agtergrond is banke in hierdie stadium in die posisie waar hulle slegs in 'n beperkte mate van Reserwebank-akkommodasie gebruik maak. Sommige banke soek in werklikheid by geleentheid bykomende beleggingsmoontlikhede vir baie korttermyn surplusfondse. Die monetêre owerhede het hierdie verwickelinge bewustelik aanvaar en die Reserwebank het meestal op 'n betreklik korttermyn basis in die mark ingemeng om in hoofsaak oormatige skommelings binne die normale maandelikse patroon van likwiditeitsbewegings uit te skakel.

Soos verwag kon word, het korttermynrente-koerse in hierdie omstandighede afwaarts beweeg. Die koers op 91-dae Skatkiswissels het byvoorbeeld van 16,13 persent aan die einde van Desember 1991 tot 13,99 persent op 5 Junie 1992 gedaal. Insgelyks het die koers op 91-dae likwiede bankaksepte van 16,4 persent aan die einde van Desember 1991 tot 14,5 persent op 4 Junie 1992 afgeneem. Die Reserwebank het hierdie beweging ondersteun deur die Bankkoers op 23 Maart 1992 van 17 na 16 persent te verlaag.

Vooruitskattings toon dat daar van nou tot aan die einde van Augustus hierdie jaar 'n aansienlik verdere toevoeging van likwiditeit tot die geldmark kan plaasvind. Die toestand kan moontlik ná Augustus, wanneer regeringsinkomste hopelik weer die besteding sal inhaal, omgekeer word. Die gevaar bestaan dat korttermynrente-koerse as gevolg van hierdie tydelike bewegings tot 'n vlak kan daal, byvoorbeeld tot laer as die huidige inflasiekoers, wat nie volgehou sal kan word nie. Ten einde hierdie korttermynskommelings in die geldmarktoestande, wat tot onbestendige fluktuasies in geldmarkrente-koerse kan lei, te akkommodeer, het die Reserwebank in oorleg met die Minister van Finansies besluit om bankinstellings van verskeie bykomende fasiliteite te voorsien waarin surplus korttermynfondse belê kan word.

Eerstens, sal die Bank spesiale Reserwebankwissels met 'n oorspronklike looptyd van nege maande op tender aan die mark aanbied. Die wissels sal aan toonder uitgereik word en sal derhalwe ten volle

verhandelbaar wees. Aanbiedings sal van tyd tot tyd per openbare tender geskied op dieselfde basis as wat Skatkiswissels nou uitgereik word. Die wissels sal alleenlik herdiskonteerbaar wees by die Reserwebank indien dit 'n oorblywende uitstaande looptyd van 91 dae of minder het. Voor die tyd sal die wissels egter kwalifiseer as likwiede bates en as onderpand vir oornaglenings deur die Reserwebank aanvaar word.

Tweedens, word alle gemagtigde handelaars in buitelandse valuta huidiglik toegelaat om gesamentlik in totaal tot VSA \$316 miljoen in die vorm van bedryfsaldo's by korrespondentbanke in die buiteland te hou. In ag genome die toename in die volume van buitelandse handel en die stygende vraag na valutatermyndeckking, is 'n verhoging in die bestaande limiete wat in 1983 vasgestel is, in hierdie stadium geregverdig. Die Reserwebank het daarom vroeër dié week met banke ooreengekom om die limiete met onmiddellike inwerkingtreding tot 'n totaal van \$632 miljoen te verdubbel.

As 'n derde maatreeël het die Reserwebank ook besluit om gebruik te maak van die magte wat kragtens Artikel 71 van die Wet op Depositonemende Instellings van 1990 aan hom toegeken is. In terme van die Wet kan die President van die Reserwebank volgens sy diskresie van alle geregistreerde depositonemende instellings eis om bykomende kontantreserwesaldo's by die Reserwebank te hou. Op die oomblik moet alle depositonemende instellings 'n minimum kontantreserwe gelykstaande aan 4 persent van hul korttermynverpligtinge teenoor die publiek hou. Die vereiste minimum kontantreserwe sluit die kluisfondse in wat deur elke instelling gehou word.

Met ingang van die datum van sertifisering van die maandelikse opgawes DI 310 vir Junie 1992, dit wil sê nie later nie as 21 Julie 1992, sal daar van elke geregistreerde depositonemende instelling vereis word om in 'n spesiale depositorekening by die Reserwebank 'n bykomende kontantreserwe in stand te hou gelykstaande aan 1 persent van sy totale korttermynverpligtinge, soos bepaal kragtens Artikel 71 van die Wet. Depositonemende instellings sal derhalwe tot verdere kennisgewing in totaal 'n bedrag gelykstaande aan 5 persent van hul totale korttermynverpligtinge teenoor die publiek, soos van maand tot maand bepaal, as 'n verpligte minimum kontantreserwe moet hou. Rente sal op die daaglikse saldo's in die spesiale depositorekening teen 'n koers 'n ½ persent laer as die koers van die jongste weeklikse tender van 91-dae Skatkiswissels betaal word op bedrae wat nie een persent van elke bank

se jongste toepasbare bedrag aan uitstaande korttermynverpligtinge oorskry nie.

Bankinstellings is ook vroeër dié week meegedeel dat die Reserwebank met die Minister van Finansies ooreengekom het dat die normale verkope van staatseffekte en Skatkiswissels nie in die huidige fiskale jaar tot die bedrag van R18 miljard, soos voorsien in die 1992/93-Begroting wat op 18 Maart aan die Parlement voorgelê is, beperk sal word nie. Bykomende verkope sal bo en behalwe hierdie bedrag gedoen word soos nodig gevind mag word in die lig van die Tesourie se behoeftes en algemene marklikwiditeitstoestande.

Die Reserwebank is van mening dat hierdie bykomende maatreëls vir die bestuur van geldmarklikwiditeit die owerhede in staat behoort te stel om ordelike marktoestande te handhaaf en om ook voort te gaan om die verklaarde makro-ekonomiese beleidsdoelwitte van die monetêre owerhede na te streef.

Opmerkings oor die makro-ekonomiese uitwerking van die droogte

deur C.J. Pretorius en M.M. Smal

Suid-Afrika beleef tans een van die knellendste droogtes van die afgelope eeu en die landbouproduksie in die somerreënvalgebiede sal na verwagting merkbaar laer wees as wat in 'n normale reënvaljaar verwag sou kon word. Alhoewel die relatiewe persentasiebydrae van die landbousektor tot die bruto binnelandse produk sedert die sestigerjare merkbaar afgeneem het, speel die landbou steeds 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die droogte beïnvloed die ekonomie nie slegs deur sy regstreekse uitwerking op die landbousektor nie, maar ook deur middel van die skakeling van die landbou met die ander sektore van die ekonomie.

In hierdie opmerkings word die moontlike uitwerking van die droogte op makro-ekonomiese veranderlikes soos die ekonomiese groeikoers, investering, die lopende rekening van die betalingsbalans, inflasie en indiensneming, sowel as die finansiële gevolge vir boere en die regering bespreek. Die Reserwebank se makro-ekonomie-


triese model is gebruik om die omvang van die negatiewe gevolge van die 1992-droogte te bereken. Alhoewel die kwantifisering van die uitwerking van die droogte so wetenskaplik as moontlik bepaal is, behoort die resultate met omsigtigheid vertolk te word. Selfs met die hulp van 'n makro-ekonometriese model is dit nie moontlik om al die onregstreekse skakelings tussen die landbousektor en die res van die ekonomie in aanmerking te neem nie en boonop is geen poging aangewend om die gevolge van die droogte op die langtermyn te beraam nie.

Die struktuur van die makro-ekonometriese model van die Reserwebank

Volgens Klein¹ se beskrywing is 'n ekonometriese model "a schematic simplification that strips away the non-essential aspects to reveal the inner workings, shape, or design of a more complicated

¹ Klein, L.R.: *Lectures in Economics*, Amsterdam, North-Holland, 1983, p.1.

Grafiek 1: Reële bruto toegevoegde waarde in die landbousektor



mechanism..." Hy gaan verder: "It, by itself, is not reality, but merely a simplified picture of reality that man can understand."

Dit is belangrik om te onthou dat geen twee modelle eenders sal wees of dieselfde resultate sal lewer nie, aangesien elke ekonoom 'n model volgens sy persoonlike sienswyse van die interafhanklikhede van die ekonomiese stelsel sal konstrueer. Dieselfde algemene teoretiese beginsels kan egter in verskillende modelle beliggam word. Die makro-ekonometriese model van die Reserwebank is gegrond op die Keynesiaanse inkomestedingbenadering. Die kringloop van inkomesteding, wat deur die nasionale rekeninge gemeet word, verbind die bestedings- en inkomestedingveranderlikes met mekaar. Die aanbodkant van die ekonomie word in berekening gebring deur 'n aantal vergelykings, wat die toegevoegde waarde deur verskillende produksiesektore voorstel. Dit behels die omskepping van die komponente van die totale vraag in die toegevoegde waarde van verskillende produksiesektore met behulp van 'n inset-uitset omskakelingsmatriks. Hierdie vergelykings plaas opsigself geen aanbodkantbeperking op die produksie nie. Die aanbodkantbeperking van die model word bepaal deur die volle indiensneming van die beskikbare arbeidsmag en die vaste kapitaalvoorraad in 'n neoklassieke produksiefunksie.

Tabel 1: Reënval in somerreënvalstreke

Millimeters

Jaar (Julie-Junie)	Gemiddelde reënval	Jaar (Julie-Junie)	Gemiddelde reënval
1960/61	596	1976/77	607
1961/62	432	1977/78	650
1962/63	536	1978/79	475
1963/64	441	1979/80	549
1964/65	472	1980/81	635
1965/66	448	1981/82	489
1966/67	691	1982/83	394
1967/68	443	1983/84	586
1968/69	530	1984/85	542
1969/70	424	1985/86	535
1970/71	616	1986/87	501
1971/72	673	1987/88	816
1972/73	430	1988/89	647
1973/74	814	1989/90	547
1974/75	644	1990/91	562
1975/76	849	1991/92*	438

* Raming

Bron: Die Weerburo, Departement van Omgewingsake.

Die langtermyn-groeineiging van die landbouproduksie

Die langtermynneiging van die reële bruto toegevoegde waarde in die landbousektor is bereken deur 'n vergelyking met 'n konstante groeikoers op dié besondere tydreeks te pas. Die groeivermoë van die landbousektor is op die passing van die neigingslyn gebaseer, soos dit in grafiek 1 voorgestel word.

Duidelike afwykings van die toegevoegde waarde in die landbousektor vanaf die langtermyn-groeineiging, word in die grafiek aangetoon. Die opvallendste negatiewe afwykings kom in die tydperke 1964-1965, 1972-1973 en 1982-1984 voor, wat as tydperke van droogte beskou kan word. Hierdie tydperke val in 'n groot mate saam met die jare van buitengewoon lae reënval. Die verspreiding van die reënval gedurende 'n seisoen speel egter ook 'n deurslaggewende rol in die bepaling van die landbouproduksie. Die gemiddelde jaarlikse reënvalsyfers gemeet in die somerreënvalgebiede, soos deur die Weerburo gedefinieer, word in tabel 1 getoon.

Simulasies met behulp van die makro-ekonometriese model van die Reserwebank

Ten einde die invloed van die droogte op die belangrikste ekonomiese totale te bepaal, is 'n standaard-simulasie op grond van die aanname van 'n normale landboujaar voorberei en is die resultate vergelyk met dié van 'n alternatiewe simulasie wat die droogtetoeestand in berekening bring. In die standaard-simulasie word aanvaar dat die toegevoegde waarde van die landbousektor deur die langtermyn-groeineiging van 2,5 persent per jaar bepaal word. Onder normale omstandighede bevredig landbouproduksie gewoonlik die binnelandse vraag, sodat geen landbouprodukte ingevoer hoef te word nie.

Die alternatiewe simulasie bring die droogtetoeestand in berekening en word gegrond op die aanname van 'n daling in die bruto toegevoegde waarde van die landbousektor van 14 persent in 1992

Tabel 2: Oesskatting van somergewasse

(Duisende ton)

	1990/91	1991/92
Witmielies.....	3 810	985
Geelmielies.....	4 016	1 448
Graansorghum.....	240	95
Groundnuts.....	78	81
Sonneblomsaad.....	589	173
Sojabone.....	126	68
Droëbone.....	100	27

Bron: Die Nasionale Oesskattingkomitee, 15 Mei 1992.

vergeleke met die vorige jaar. Hierdie koers van afname word gegrond op die produksieskatting van somergewasse vir 1991/92 soos in tabel 2 uiteengesit word. Die afname in die bruto toegevoegde waarde in die landbousektor is ook gebaseer op die aanname dat die wintergraanoeste "normaal" sal wees. Daar word verder aanvaar dat ongeveer 4,6 miljoen ton mielies teen sowat R500 per ton ingevoer sal moet word ten einde aan die binnelandse vraag te voldoen².

Ekonomiese groei

Alhoewel die landbousektor se relatiewe bydrae tot die bruto binnelandse produk betreklik klein en steeds afnemend is, speel dit nietemin 'n belangrike rol in die skepping van welvaart in Suid-Afrika, veral in die platteland. Die aandeel van die landbouproduksie in die totale produksie van die land word soms ingrypend deur wisselvallige weerstoestande en droogtes beïnvloed, soos uit grafiek 2 blyk. Die droogte en die verwagte swak somergraanoes behoort nie net die bydrae van die landbou tot die reële bruto binnelandse produk in 1992 verder te verklein nie, maar kan ook 'n laer-as-verwagte ekonomiese groei koers veroorsaak.

Die landbousektor het nie slegs 'n regstreekse invloed op ekonomiese groei nie, maar as gevolg van die voorwaartse en terugwaartse skakeling met ander sektore beïnvloed dit die ekonomie ook op 'n onregstreekse wyse.

Die voorwaartse skakeling van die landbou vind sy oorsprong in 'n wye reeks grondstowwe wat deur die landbousektor aan die vervaardigingsektor voorsien word. Volgens 'n verslag van die Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident³ toon die inset-uitsettabel van die nasionale ekonomie dat ongeveer 58 persent van die waarde van die landbouproduksie aan vervaardigingsbedrywe vir verdere verwerking gelewer word. Hierteenoor beloop die voorsiening van landbouprodukte aan die verwerkingsbedrywe 8,2 persent van die totale waarde van die fabrieksproduksie.

Die terugwaartse skakeling van die landbou met ander sektore spruit daaruit voort dat die landbou 'n belangrike afsetgebied vir die produkte en dienste van ander sektore bied. Die vervaardigers van veevoer, bemestingstowwe, plaagdoders en landboumasjinerie en -implemente kan uitgesonder word as verskaffers wat bykans uitsluitlik van verkope aan boere afhanklik is. Indien die landbouproduksie as gevolg van droogtetoestande sou afneem, sal dit die bedrywighede van hierdie nywerhede wesenlik beïnvloed.

² Ramings deur die Mielieraad.

³ *Verslag oor die Ondersoek na die Heropbou van die Landbou*, Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident, 20 November 1986.

Die totale uitwerking van veranderinge in die produksie van 'n sektor op die ander sektore van die ekonomie kan met behulp van sektorale vermenigvuldigers bereken word. Die landbouvermenigvuldiger is 1,6 en dit beteken dat produksie ten bedrae van R1 miljoen deur die landbou verdere produksie ten bedrae van R600 000 deur al die ander sektore sal oplewer⁴. Hierdie landbouvermenigvuldiger is 'n gemiddelde vir die land as 'n geheel, maar kan aansienlik van streek tot streek verskil na gelang van die belangrikheid van landbou in 'n bepaalde gebied. Die vermenigvuldiger sal waarskynlik groter wees in die plattelandse gebiede wat hoofsaaklik van die landbou afhanklik is.


Die simulasiereultate toon dat die uitwerking van 'n daling van 14 persent in die toegevoegde waarde van die landbousektor tot gevolg sal hê dat die groei koers van die reële bruto binnelandse produk met ongeveer 1,8 persentasiepunte sal verlaag. Hierdie vermindering bestaan uit 'n regstreekse uitwerking van 1 persentasiepunte en 'n onregstreekse uitwerking van 0,8 persentasiepunte. Die nominale bruto binnelandse produk is R4 550 miljoen laer in die alternatiewe simulasie as in die standaardsimulasie.

Private huishoudings


Die verwagte afname in die boerderyinkomste en die gepaardgaande afname in die winste van verwante ondernemings sal persoonlike beskikbare inkomme nadelig tref. Uit die alternatiewe simulasie blyk dit dat die reële persoonlike beskikbare inkomme met 1,8 persentasiepunte afneem vanweë die droogte. Dit beteken dat die persoonlike beskikbare inkomme per capita ongeveer R70 laer is in die alternatiewe

⁴ Cloete, K. en Swart, T.: *Die skakelingseffek en sosio-ekonomiese rol van die landbou en die gevolg van die droogte daarop*, Direktoraat Landbou-ekonomie van die Departement Landbou-ontwikkeling, Maart 1992.

Grafiek 2: Bydrae van reële landbouproduksie tot die reële bruto binnelandse produk



**Grafiek 3: Reële vaste investering in die landbou-
sektor as persentasie van totale reële vaste
investerings**



simulasie as in die standaar-simulasie.

Die laer persoonlike beskikbare inkomme sal noodwendig ook tot 'n daling in die private verbruiksbesteding aanleiding gee. Die verwagte hoër vlak in die verbruikerspryse as gevolg van die droogte, veral die toename in die pryse van voedsel, sal ook 'n nadelige uitwerking op die private verbruiksbesteding hê. In die alternatiewe simulasie is die reële private verbruiksbesteding 0,5 persent laer as in die standaar-simulasie.

Indien die private verbruiksbesteding nie in dieselfde mate as die persoonlike beskikbare inkomme afneem nie, sal die persoonlike besparing nadelig getref word deur die droogte. Die simulasieresultate toon dat die persoonlike besparing in die alternatiewe simulasie sowat R2 920 miljoen laer is as in die standaar-simulasie. Hierdie afname, tesame met die groter ontsparing deur die algemene owerheid, onder andere as gevolg van die groter finansiële bystand aan die boerderygemeenskap, sal 'n nadelige uitwerking van 5 persent op die bruto binnelandse besparing hê.

Investerings

Die aandeel van die vaste investering in die landbousector as persentasie van die totale bruto binnelandse vaste investering het aansienlik oor die afgelope drie dekades afgeneem. In die sestigjare het die vaste investering in die landbousector 9 persent tot die totale binnelandse vaste investering bygedra, maar dit het in die tagtigerjare tot slegs 4 persent gedaal. Die voortgesette afname in die landbou se relatiewe bydrae tot die totale vaste investering gedurende die afgelope paar dekades en veral die afnames gedurende die droogtetydperke, word in grafiek 3 getoon. Hierdie grafiek toon

dat die relatiewe investeringsverhouding van die landbou nie weer na die droogte van 1984 herstel het nie. Dit kan moontlik aan die agteruitgang in die finansiële posisie van die boerderygemeenskap sedert die begin van die tagtigerjare toegeskryf word.


Nasionale-rekeningeramings toon dat die waarde van die vaste verbeterings en die aankope van trekkers, masjinerie en implemente gewoonlik slegs matig tydens droogtetydperke daal en dat die groot afnames in die veestapel as die hooforsaak vir die skerp daling in die investering gedurende die droogtetydperke beskou kan word.

Die simulasieresultate toon dat die bruto binnelandse vaste investering R230 miljoen laer is in die alternatiewe simulasie as in die standaar-simulasie; dit is 'n afname van 0,5 persent. Die felheid van die heersende droogte is egter sodanig dat die werklike afname in die vaste investering selfs groter as die gesimuleerde afname kan wees.

Invoer van goedere

Normaalweg is Suid-Afrika tot 'n groot mate selfversorgend ten opsigte van voedselproduksie en 'n groot gedeelte van die landbouproduksie word uitgevoer. Landbouprodukte verteenwoordig gevolglik slegs 'n klein persentasie van die waarde van die totale invoer van goedere. Die gemiddelde aandeel van die invoer van landbouprodukte het 2 persent van die waarde van die totale invoer van goedere gedurende die tydperk 1970 tot 1991 bedra. Gedurende droogtetydperke word Suid-Afrika egter dikwels gedwing om redelike groot hoeveelhede landbouprodukte in te voer. Grafiek 4 toon 'n skerp styging in die aandeel van die invoer van landbouprodukte in die totale waarde van ingevoerde goedere in 1984 as gevolg van die droogte van daardie jaar.

**Grafiek 4: Invoer van landbouprodukte as
persentasie van die totale goedere-invoer**



Soos reeds vroeër aangedui, beraam die Departement van Landbou en die Mielieraad tans dat ongeveer 4,6 miljoen ton mielies teen 'n gelande koste van sowat R500 per ton gedurende die tydperk van April 1992 tot Maart 1993 ingevoer sal moet word. Die regstreekse uitwerking van hierdie invoer van mielies op die betalingsbalans sal na verwagting ongeveer R1 725 miljoen in 1992 beloop⁵.

Die laer vlak van die totale binnelandse vraag as gevolg van die droogte sal ook 'n uitwerking op die fisiese omvang van die invoer hê. Die toename in die invoer van landbouprodukte vanweë die droogte sal gedeeltelik deur laer invoere voortspruitend uit die laer vlak van die binnelandse vraag geneutraliseer word. Die simulasieresultate toon dat die waarde van die invoer van nie-landbouprodukte met R1 225 miljoen laer sal wees as gevolg van die laer binnelandse vraag, wat 'n netto toename in die invoer van goedere van R500 miljoen as gevolg van die droogte sal veroorsaak.

Uitvoer van goedere

Die relatiewe belangrikheid van die uitvoer van landbouprodukte as 'n persentasie van die totale uitvoer van goedere het van ongeveer 10 persent in die vroeë sewentigerjare tot 'n gemiddelde van 4 persent oor die afgelope twee jaar afgeneem. Die uitvoer van mielies as 'n persentasie van die waarde van die uitvoer van goedere het ook van 4 persent tot slegs 1 persent oor dieselfde tydperk gedaal. Alhoewel die felheid van die droogte groter afmetings as in vorige droogtes aanneem, dui die geleidelike afname in die relatiewe belangrikheid van die uitvoer van mielies daarop dat die uitwerking van die heersende droogte op die totale waarde van die uitvoer van goedere moontlik kleiner as in vorige droogtetydperke kan wees.

Al die uitvoer van mielies as gevolg van die swak mielie-oes is redelik vroeg in die jaar gestaak. In die geval van 'n normale oes word daar verwag dat die uitvoer van mielies ook in 1993 laag sal wees vanweë voorraadopbouing. Indien die gemiddelde uitvoer van mielies oor die afgelope vyf jaar as maatstaf gebruik word om die verlies aan uitvoerverdienste in 1992 te bepaal, word die regstreekse uitwerking van die uitvoer van mielies op die betalingsbalans op ongeveer R365 miljoen beraam. Die onregstreekse nadelige uitwerking op die waarde van die uitvoer as gevolg van die skakeling met die ander sektore en die laer totale binnelandse vraag word op R335 miljoen bereken. Die totale verwagte uitwerking van die droogte op die waarde van die uitvoer sal dus na raming ongeveer R700 miljoen beloop.

Die lopende rekening van die betalingsbalans

Die gesamentlike regstreekse nadelige uitwerking

Tabel 3: Regstreekse en onregstreekse uitwerking van die droogte op die betalingsbalans

(R miljoen)

	Invoer	Uitvoer
Regstreekse uitwerking	+ 1 725	- 365
Onregstreekse uitwerking	- 1 225	- 335
Totale uitwerking	+ 500	- 700

van die hoër invoer en die laer uitvoer van mielies in 1992 op die lopende rekening van die betalingsbalans sal ongeveer R2 090 miljoen bedra. Hierdie bedrag verteenwoordig slegs die invloed van die droogte op mielieproduksie. Alhoewel die droogte ook 'n uitwerking op die ander somergewasse soos sonneblomsaad, droëbone, sojabone en graan-sorghum sal hê, is hierdie produkte se aandeel in die totale waarde van die uitvoer van goedere heelwat kleiner as dié van mielies en kan aanvaar word dat hul uitwerking op die lopende rekening van die betalingsbalans gering sal wees. Daar is aanduidings dat die produksie en die uitvoer van suiker ook merkbaar laer kan wees as gevolg van die droogte en dit kan 'n bykomende verlaging in die waarde van die uitvoer veroorsaak.

Indien die onregstreekse uitwerking van die laer vlak van ekonomiese bedrywigheid en ander voorwaartse en terugwaartse skakelings in aanmerking geneem word, sal die hoër waarde van die invoer en die laer waarde van die uitvoer volgens raming 'n gesamentlike netto nadelige uitwerking van ongeveer R1 200 miljoen op die lopende rekening van die betalingsbalans in 1992 hê. Hierdie raming moet as 'n minimum waarde vir die nadelige uitwerking van die droogte op die betalingsbalans beskou word, aangesien 'n addisionele bedrag vir die uitwerking van ander landbouprodukte, uitgesonderd mielies, in ag geneem behoort te word.


Inflasie

Die veranderinge in die voedselpryse het 'n beduidende invloed op die verbruikersprysindeks aangesien voedselpryse 18,6 persent van die totale verbruikersprysindeks volgens die 1990-gewigsamestelling bedra; die 1985-gewig van voedsel was nog hoër op 22,7 persent. Die gemiddelde koers van toename in die verbruikerspryse van voedsel was gedurende die afgelope twee dekades hoër as dié van ander verbruikerspryse⁶. Dit kan 'n aanduiding wees van die toenemende relatiewe skaarsheid van

⁶ Die redes vir die vinnige styging in voedselpryse is die onderwerp van 'n ondersoek deur die Raad van Handel en Nywerheid.

⁵ Bereken vir die nege-maande tydperk April 1992 tot Desember 1992 as $4,6 \times 500 \times 9 + 12$.

Grafiek 5: Verbruikerspryse



voedselsoorte wat ontstaan omdat die bevolkingsaanwas van Suid-Afrika vinniger as die toename in die binnelandse produksie van voedsel is. Die koers van toename in die verbruikerspryse van voedsel het ook aansienlik meer as dié van ander verbruikerspryse gewissel. Hierdie groter skommelings het bygedra tot die verontrustende eienskap van die bewegings van die verbruikersprysindeks, sodat elke boonste en onderste draaipunt van verandering in die indeks hoër as sy onmiddellike voorganger is.

Grafiek 5 toon skerp toenames in die voedselpryse gedurende die droogtetydperke van 1964 en 1972 toe voedselpryse vinniger as dié pryse van ander items toegeneem het. In teenstelling hiermee het die voedselpryse gedurende die droogte van 1982 teen 'n stadiger koers as ander pryse toegeeneem. Hierdie verskynsel kan moontlik aan die betreklike lae koers van toename in vleispryse gedurende daardie tydperk toegeskryf word. Gedurende droogtes is boere dikwels genoodsaak om groot getalle van hul vee te bemark en die gevolglike toename in die aanbod van vleis kan die moontlike voedselprysstygings demp. Aangesien vleispryse 'n betreklike groot gewig in die verbruikersprysindeks van voedsel het (33,1 persent), kan dit 'n deurslaggewende invloed op die uiteindelijke verloop van die voedselprysindeks hê.

Vleispryse was in Desember 1991 nog 38,8 persent hoër as in die ooreenstemmende maand van 1990, maar daar is aanduidings dat die koers van toename in vleispryse verlangsaam en dat die pryse onlangs selfs gedaal het. Gedurende die tydperk van Januarie tot April 1992 het vleispryse teen 'n gemiddelde koers van 1,4 persent per maand gedaal. Sodra die reënval na normaal terugkeer, kan verwag word dat veeboere weer hul veestapel

Grafiek 6: Produsentpryse van landbouprodukte en die volume van landbouproduksie



sal opbou. Die gevolglike afname in die getal veeslagtings kan dan veroorsaak dat vleispryse, en gevolglik ook verbruikerspryse, oor die algemeen vinniger styg.

Die koerse van toename in die pryse van die ander komponente van die voedselprysindeks soos groente, melk, melkprodukte en graanprodukte, versnel normaalweg ook gedurende droogtetydperke. Die gesamentlike gewig van hierdie produkte in die voedselprysindeks beloop 38 persent, terwyl hulle gewig in die totale verbruikersprysindeks 7,1 persent is.

Alhoewel wisselvallige klimaatstoestande 'n belangrike invloed op die aanbod en gevolglik ook op die pryse van voedselprodukte uitoefen, het beheerpraktyke met die oog op die stabilisering van oormatige pryskommelings meermale presies die teenoorgestelde uitwerking wanneer skielike prysaanpassings nodig is om wanbalanse in die mark reg te stel. Grafiek 6 toon nietemin dat daar 'n negatiewe verwantskap tussen die toenamekoers in die produksiepryse van landbouprodukte en die veranderinge in die volume van landbouproduksie bestaan en dat die pryse van landbouprodukte telkens toeneem wanneer die aanbod verlangsaam of afneem.

Die veranderinge in die verbruikersprysindeks van voedsel het gedurende die sewentiger- en die vroeë tagtigerjare met 'n kort tydsloering op die veranderinge in die produksiepryse van landbouprodukte gevolg. Die skerp toenames in die produksiepryse van landbouprodukte gedurende die droogte van 1972 en in 'n mindere mate ook dié van 1982, word dienooreenkomstig in die toenamekoers van die verbruikerspryse van voedsel weerspieël. Vanaf 1985 is die koers van toename in die verbruikersprysindeks

kerspryse van voedsel deurgaans hoër as die toename in die produksiepryse van landbouprodukte.

Daar kan dus verwag word dat die heersende droogte opwaartse druk op die pryse van verskeie landbouprodukte sal plaas en dat dit uiteindelik tot 'n toename in die verbruikersprysindeks sal lei. Die simulasiereultate toon dat die gemiddelde verbruikersprysinflasie vir 1992 ongeveer 0,8 persentasiepunte hoër sal wees as wat dit in 'n normale reënvaljaar sou wees.

Werkverskaffing

Die jongste beskikbare gegewens toon dat die landbousektor in 1988 werk aan ongeveer 1,2 miljoen mense verskaf het, oftewel 12 persent van die ekonomies bedrywige bevolking. Indien hulle afhanklikes bygereken word verskaf die landbousektor 'n heenkome aan ongeveer 6 miljoen mense, wat sowat 20 persent uitmaak van die Suid-Afrikaanse bevolking waarby die bevolking van die TBVC-lande uitgesluit is⁷.

Landboubedrywighede is in die meeste plattelandse gebiede die belangrikste enkele inkomeverdiener en 'n groot gedeelte van die plattelandse bevolking is regstreeks van die landbouproduksie afhanklik. Die droogte beïnvloed nie net die boere nie; verskeie sake-ondernemings in die plattelandse gebiede staar bankrotskap in die gesig as gevolg van die verminderde koopvermoë van die boerdery-gemeenskap.

Dit kom voor asof die werkverskaffing in die landbousektor gedurende droogtetydperke betreklik stabiel bly. Dit kan toegeskryf word aan pogings om die heeltidse werknemers op die plase te behou en omdat boere gewoonlik hulp van die regering ontvang om hul plaaswerkers gedurende hierdie tydperke te onderhou. Die werkverskaffing op plase aan seisoens- of kontrakwerkers word egter in 'n groot mate deur droogtetoestande beïnvloed en hierdie soort werkers word normaalweg eerste ontslaan. In teenstelling met hierdie normale patroon, toon die jongste werkverskaffingsgegewens dat boere hul heeltidse arbeidsmag verminder en daardeur ongetwyfeld die heersende sosiale en verstedelingsprobleme vererger.

Die sogenaamde indiensnemingskoëffisiënt kan aangewend word as 'n maatstaf vir die bepaling van die werkverskaffingsvermoë van die landbousektor. Hierdie koëffisiënt word bereken as die aantal persone wat in die landbousektor werksaam is per uitset van R1 miljoen. Dit verskaf 'n metode om die verlies aan werkgeleenthede as gevolg van 'n produksievermindering te raam.

Die indiensnemingskoëffisiënt is gebruik om die uitwerking van 'n daling van 4 persent in die

nominale waarde van die landbouproduksie op die werkverskaffing van die landbousektor in 1992 te bereken⁸. Die geraamde toegevoegde waarde van die landbousektor is as maatstaf vir produksie gebruik en daar is aanvaar dat die werkverskaffing van 1988 tot 1991 onveranderd gebly het. Die berekende indiensnemingskoëffisiënt van 98,2 dui aan dat 98 werkgeleenthede in die landbousektor verlore kan gaan vir elke daling van R1 miljoen in die waarde van die landbouproduksie. Op grond hiervan kan die heersende droogte 'n verlies van ongeveer 49 000 werkgeleenthede in die landbousektor gedurende 1992 tot gevolg hê. Indien die plaaswerkers se afhanklikes ook in berekening gebring word, kan tot 245 000 mense in die landbousektor gedwing word om 'n ander heenkome te vind, tensy spesiale bystand in die vorm van oordragbetalings aan die boere en hulle werkers beskikbaar gestel word ten einde hulle op die plase te hou.

Die skakeling van die landbousektor met die ander sektore het tot gevolg dat die werkverskaffingsgevolge van die droogte nie net tot die landbousektor beperk sal bly nie. Die simulasiereultate toon dat nagenoeg 20 000 werkgeleenthede ook in die ander sektore verlore kan gaan. Hierdie resultate het slegs op die formele ekonomie betrekking en daar kan aanvaar word dat die informele sektor 'n aansienlike aantal werkloos sal moet absorbeer.

Finansiële gevolge vir boere en die regering

Die droogte verhoog die finansiële verpligtinge van die landbougemeenskap, van die owerheid en van die ander ondernemings wat aan die landbou verwant is. Gedurende die jare van 1971 tot 1991 het die skuldverpligtinge van die landbougemeenskap teen 'n gemiddelde jaarakoers van 13 persent vanaf 'n aanvanklike bedrag van R1,46 miljard tot R16,72 miljard toegeneem. Die finansiële likwiditeit van die landbousektor word verder verswak as gevolg van swakker solvabiliteit van die boere en 'n verskuiwing in hul verpligtinge vanaf oorwegend langtermyn- na korttermynskuld. Die verhouding van die landbousektor se totale skuld tot hul totale bates (dit wil sê die skuldverhouding van die landbousektor) was gemiddeld ongeveer 13 persent in die sewentigerjare, maar dit het vanaf 1980 merkbaar toegeneem. Die droogte van 1982 en 1983 het die skuldverhouding tot 20,4 persent in 1983 verhoog en dit het sedertdien verder tot 'n vlak van 23,9 persent in 1991 toegeneem. Daar kan verwag word dat as gevolg van die heersende droogtetoestand hierdie skuldverhouding gedurende 1992 voort sal gaan om skerp toe te neem.

⁷ Suid-Afrikaanse Arbeidstatistieke, Sentrale Statistiekdiens, 1991.

⁸ Hierdie raming bestaan uit 'n daling van 14 persent in die reële toegevoegde waarde in die landbousektor en 'n toename van 12 persent in die toegevoegde-waarde-deflator van die landbousektor.

Die bedryfsuitgawes van boere het in die tydperk van 1971 tot 1991 met gemiddeld 16 persent per jaar toegeneem. Dit is aansienlik hoër as die gemiddelde jaarlikse toename van 14,2 persent in hul bruto inkomste oor dieselfde tydperk. In droogtetydperke word die kontantvloei⁹ van boere verder verswak as gevolg van 'n afname in boerderyinkomste, terwyl bedryfsuitgawes op 'n hoë vlak bly. Die kontantvloei van die boere het gedurende die droogte van 1982 met 13,4 persent en daarna in 1983 met 'n verdere 40,9 persent afgeneem. Gedurende die afgelope twee jaar het die kontantvloei van die landbousektor verder verswak en daar word verwag dat die heersende droogte nog groter druk op die kontantvloei gaan plaas. Hierdie verwagte agteruitgang in die kontantvloei is een van die probleme wat die landbousektor sal moet oplos om die produksiedoeltreffendheid van die sektor te verbeter. Die finansiële posisie van die landbousektor word verder vererger deur die relatiewe hoë nominale rentekoerse – op Suid-Afrika afgedwing deur die betreklik hoë vlakke van rentekoerse in ander lande, relatiewe lae besparingsvlakke in Suid-Afrika, groot kapitaaluitvloeiinge na die res van die wêreld in die afgelope dekade en die relatiewe hoë vlak van inflasie in die land.

Die benarde finansiële toestand van boere is beklemtoon in 'n persverklaring wat die Minister van Landbou op 9 April 1992 uitgereik het. Die Minister het gemeld dat sowat 4 265 boere nie vir verdere krediet deur koöperasies in aanmerking kan kom nie as gevolg van die omvang van hul bestaande skuld en die verdere skuld wat hulle gedurende die onlangse plantseisoen aangegaan het. Daar word beraam dat ten minste R2 miljard benodig word vir die aanplanting van die komende seisoen se somergewasse.

Verskeie gebeurlikheidsplanne is deur die regering in samewerking met die Landbank, landboukoöperasies en handelsbanke geloods en dit is duidelik dat groot eise ook in die komende jare aan hierdie instellings en aan elke belastingbetaler gestel gaan word. Die Minister van Landbou het op 7 Mei 1992 die omvattendste reddingsaksie in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse landbou aangekondig. 'n Totale bedrag van R2 826 miljoen vir finansiële bystand aan boere oor die volgende drie belastingjare is deur die Sentrale Regering bewillig. Hierdie bedrag is bykomend tot die bedrag van R355 miljoen vir finansiële bystand en die bedrag van R1 000 miljoen wat vir die Droogterampfonds in die Begroting vir 1992/93 toegestaan is. Die hulpmaatreëls behels 'n eenmalige insetsubsidie van R375 per hektaar aan saai-boere by 33 koöperasies in die droogterampgebiede, sowel as verskeie ander maat-

reëls as bystand aan boere en die landbougemeenskap in die geheel. Onder die hulpmaatreëls is daar die subsidiëring van bepaalde rentekoste, 'n korting vir die vervoer van veevoer en bystand aan die wol- en sybokhaarboere.

Die afname in die boerderyinkomste sal noodwendig 'n regstreekse vermindering van belastinginkomste vir die regering tot gevolg hê. Regeringsinkomste sal ook onregstreeks beïnvloed word deur 'n verlaging in die winste van sake-ondernemings wat met die landbousektor verband hou.

Die laer inkomste en hoër uitgawes sal 'n groter tekort voor lenings tot gevolg hê. Indien die Begroting vir 1992/93 nie vir 'n bedrag van R1 000 miljoen se bystand aan die landbougemeenskap voorsiening gemaak het nie, sou die reële toename in die regeringsbesteding slegs 1,1 persent in plaas van die begrote toename van 2,1 persent beloop het. Die begrote tekort voor lenings van bykans R16 miljard, oftewel 4,5 persent van die bruto binnelandse produk, sou dan R15 miljard, oftewel 4,3 persent van die bruto binnelandse produk, beloop het.

Samevatting

Die omvang van die droogte is klaarblyklik baie ernstiger as wat aanvanklik geraam is en die droogte sal veral die produsente van somergewasse uiters nadelig tref. Alhoewel die landbousektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk sedert die sestigerjare deurgaans gedaal het, speel die landbou steeds 'n baie belangrike rol in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding veral vanweë die interafhanklikheid daarvan met die ander sektore van die ekonomie.

Die resultate wat met behulp van die makro-ekonometriese model van die Reserwebank verkry is dui op 'n verlaging in die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk van 1,8 persentasiepunte as gevolg van die droogte. Daar word verder geraam dat, sonder spesiale finansiële bystand, sowat 69 000 werkgeleenthede as gevolg van die droogte verlore kan gaan.

Die simulasiëresultate dui ook op 'n gemiddelde inflasiekoers wat ongeveer 0,8 persentasiepunte hoër kan wees as gevolg van die laer landbouproduksie. Alhoewel die meeste voedselpryse waarskynlik teen 'n vinniger koers sal toeneem as gevolg van die beperkte aanbod van landbouprodukte, is vleispryse gewoonlik geneig om teen 'n stadiger koers toe te neem of selfs te daal gedurende droogtetydperke. Vleispryse kan egter later, wanneer weidingstoestande verbeter, die verbruikerspryse nadelig beïnvloed.

Die lopende rekening van die betalingsbalans word regstreeks deur 'n toename in die invoer en 'n afname in die uitvoer beïnvloed. Die regstreekse nadelige uitwerking ten bedrae van R2,1 miljard op die saldo van die lopende rekening as gevolg van die kleiner mielie-oes kan gedeeltelik deur 'n afname

⁹ Bereken as bruto inkomste verminder met aankope van intermediêre goedere en dienste, vergoeding van werknemers, rentebetelings en huurbetalings.

in die invoer vanweë die verlaagde ekonomiese bedrywigheid geneutraliseer word. Hierdie ontwikkeling en die laer uitvoer van landbouprodukte kan 'n netto nadelige uitwerking op die lopende rekening van die betalingsbalans ten bedrae van ongeveer R1 200 miljoen tot gevolg hê, en kan verder beïnvloed word deur die nadelige uitwerking van die droogte op landbouprodukte, uitgesonderd mielies.

Die droogte verhoog nie net die finansiële verpligtinge van die boere nie, maar ook dié van die regering en ander ondernemings wat aan die landbou verwant is. Die Minister van Landbou het reeds aanvullende finansiële bystand vir die volgende drie jaar bewillig. Dit dien ter stawing daarvan dat die droogte nie net 'n eenmalige uitwerking op die ekonomie het nie, maar dat die uitwerking daarvan ook in komende jare ondervind sal word.